

BUITENGEWONE

# OFFISIËLE KOERANT

VAN SUIDWES-AFRIKA

# OFFICIAL GAZETTE

EXTRAORDINARY

OF SOUTH WEST AFRICA



UITGAWE OP GESAG

PUBLISHED BY AUTHORITY

20c

Donderdag 24 April 1980

WINDHOEK

Thursday 24 April 1980

No. 4127

## INHOUD:

### PROKLAMASIE:

No. AG. 8 Proklamasie op Verteenwoordigende Owerhe-  
de, 1980

Bladsy

1

## PROKLAMASIE

van die

ADMINISTRATEUR-GENERAAL VIR DIE  
GEBIED SUIDWES-AFRIKA

(Deur die Staatspresident goedgekeur op 17 April 1980)

No. AG. 8 1980

ALGEMENE BEPALINGS VAN TOEPASSING  
TEN OPSIGTE VAN VERTEENWOORDIGENDE  
OWERHEDE WAT VIR BEVOLKINGSGROEPE  
INGESTEL WORD

Kragtens die bevoegdheid my verleen by Proklamasie  
181 van 19 Augustus 1977, maak ek hierby die wette in  
die Aanhangel vervat.

G. van N. VILJOEN

Administrateur-generaal

Windhoek, 17 April 1980

## AANHANGSEL

### Woordomsrywings

1. (1) In hierdie Proklamasie, tensy uit die  
samehang anders blyk, beteken —

- (i) "bevolkingsgroep" 'n bevolkingsgroep in arti-  
kel 3 genoem, en, met betrekking tot 'n  
bevoegdheid om wette te maak of die toepas-  
sing van 'n wet ten opsigte van 'n bevolkings-  
groep, ook enige lid of lede, of kategorie van  
lede, van daardie bevolkingsgroep; (viii)

## CONTENTS:

### PROCLAMATION:

No. AG. 8 Representative Authorities Proclamation,  
1980

Page

## PROCLAMATION

by the

ADMINISTRATOR-GENERAL FOR THE  
TERRITORY OF SOUTH WEST AFRICA

(Approved by the State President on 17 April 1980)

No. AG. 8 1980

GENERAL PROVISIONS APPLICABLE IN  
RESPECT OF REPRESENTATIVE AUTHORITIES  
ESTABLISHED FOR POPULATION GROUPS

Under the powers vested in me by Proclamation 181  
of 19 August 1977, I hereby make the laws set out in  
the Annexure.

G. van N. VILJOEN

Administrator-General

Windhoek, 17 April 1980

## ANNEXURE

### Definitions

1. (1) In this Proclamation, unless the context in-  
dicates otherwise —

- (i) "Assembly" means the National Assembly of  
South West Africa; (viii)
- (ii) "constitution", in relation to any representative  
authority or legislative authority or executive

- (ii) "gebied", die gebied Suidwes-Afrika; (xi)
  - (iii) "grondwet", met betrekking tot 'n verteenwoordigende owerheid of wetgewende owerheid of uitvoerende owerheid, die wet waarby die betrokke verteenwoordigende owerheid ingestel word; (ii)
  - (iv) "*Offisiële Koerant*", met betrekking tot —
    - (a) die Administrateur-generaal, die *Offisiële Koerant* van die gebied;
    - (b) 'n verteenwoordigende owerheid, die amptelike koerant van daardie owerheid, wanneer een uitgegee word, of die *Offisiële Koerant* van die gebied, wanneer so 'n amptelike koerant nie uitgegee word nie; (vii)
  - (v) "omskrewe aangeleentheid" 'n aangeleentheid in artikel 14(1)(a)(i) bedoel; (iii)
  - (vi) "Republiek" die Republiek van Suid-Afrika; (x)
  - (vii) "uitvoerende owerheid" die uitvoerende komitee of ander liggaam ingevolge die grondwet van die verteenwoordigende owerheid van 'n bevolkingsgroep ingestel, waarby die uitvoerende gesag van daardie bevolkingsgroep ingevolge daardie grondwet berus; (v)
  - (viii) "Vergadering" die Nasionale Vergadering van Suidwes-Afrika; (i)
  - (ix) "verkiezing", met betrekking tot lede van 'n wetgewende owerheid, ook 'n verkiezing van politieke partye of organisasies vir die reg om sodanige lede aan te wys; (iv)
  - (x) "verteenwoordigende owerheid" 'n verteenwoordigende owerheid wat as sodanig by wet vir 'n bevolkingsgroep ingestel is en wat uit die wetgewende owerheid en uitvoerende owerheid van daardie bevolkingsgroep bestaan, en ook die administrasie wat die sake van 'n bevolkingsgroep met betrekking tot omskrewe aangeleenthede behartig; (ix)
  - (xi) "wetgewende owerheid" die wetgewende vergadering of ander liggaam ingevolge die grondwet van die verteenwoordigende owerheid van 'n bevolkingsgroep ingestel, waarby die wetgewende gesag van daardie bevolkingsgroep ingevolge daardie grondwet berus. (vi)
- authority, means the law by which the representative authority concerned is established; (iii)
- (iii) "defined matter" means any matter referred to in section 14(1)(a)(i); (v)
  - (iv) "election", in relation to members of a legislative authority, includes an election of political parties or organizations for the right to designate such members; (ix)
  - (v) "executive authority" means the executive committee or other body established in terms of the constitution of the representative authority of a population group, in which the executive power of that population group vests in terms of such constitution; (vii)
  - (vi) "legislative authority" means the legislative assembly or other body established in terms of the constitution of the representative authority of a population group, in which the legislative power of that population group vests in terms of such constitution; (xi)
  - (vii) "*Official Gazette*", in relation to —
    - (a) the Administrator-General, means the *Official Gazette* of the territory;
    - (b) any representative authority, means the official gazette of such authority, when one is published, or the *Official Gazette* of the territory, when no such official gazette is published; (iv)
  - (viii) "population group" means a population group mentioned in section 3, and, in relation to any power to make laws or the application of any law in respect of a population group, includes any member or members, or any category of members, of such population group; (i)
  - (ix) "representative authority" means a representative authority established as such by law for a population group and consisting of the legislative authority and executive authority of that population group, and includes the administration managing the affairs of a population group in relation to defined matters; (x)
  - (x) "Republic" means the Republic of South Africa; (vi)
  - (xi) "territory" means the territory of South West Africa. (ii)

(2) In die omskrywing van 'n aangeleentheid in die Bylae beteken "die bepaalde bevolkingsgroep" die betrokke bevolkingsgroep waarvan die wetgewende owerheid soos in artikel 14 beoog, gemagtig is of, na gelang van die omstandighede, gemagtig staan te word of gemagtig kan word, om ordonnansies met betrekking tot daardie aangeleentheid te maak, en beteken "die verteenwoordigende owerheid", "die wetgewende owerheid" en "die uitvoerende owerheid", onderskeidelik, die verteenwoordigende owerheid, die wetgewende owerheid en die uitvoerende owerheid van daardie bevolkingsgroep.

(3) 'n Verwysing in hierdie Proklamasie of 'n ander wet na 'n aangeleentheid in die Bylae omskryf, word in die geval van 'n bepaalde bevolkingsgroep of die verteenwoordigende owerheid, wetgewende owerheid of uitvoerende owerheid van 'n bepaalde bevolkingsgroep uitgelê as 'n verwysing na die betrokke aangeleentheid volgens die omskrywing daarvan in die Bylae soos in die betrokke geval gelees met subartikel (2).

#### DEEL I

#### TOEPASSING VAN HIERDIE PROKLAMASIE; BEVOLKINGSGROEPE EN LIDMAATSKAP DAARVAN

##### *Toepassing van hierdie Proklamasie*

2. Hierdie Proklamasie is ten opsigte van elke verteenwoordigende owerheid van toepassing behalwe, in die geval van 'n bepaalde verteenwoordigende owerheid, vir sover daar in sy grondwet anders bepaal word.

##### *Bevolkingsgroepe*

3. Die bevolkingsgroepe waarvoor daar verteenwoordigende owerhede ingestel kan word, is —

- (i) die Basters; (i)
- (ii) die Blankes; (xi)
- (iii) die Boesmans; (ii)
- (iv) die Capriviane; (iii)
- (v) die Damaras; (v)
- (vi) die Herero's; (vi)
- (vii) die Kavango's; (vii)
- (viii) die Kleurlinge; (iv)
- (ix) die Namas; (viii)
- (x) die Ovambo's; (ix)
- (xi) die Tswanas. (x)

(2) In the definition of any matter in the Schedule "the particular population group" means the relevant population group whose legislative authority has been or, as the circumstances may require, is to be or may be empowered as contemplated in section 14 to make ordinances in relation to such matter, and "the representative authority", "the legislative authority" and "the executive authority" mean the representative authority, the legislative authority and the executive authority of that population group, respectively.

(3) Any reference in this Proclamation or any other law to a matter defined in the Schedule shall in the case of any particular population group or the representative authority, legislative authority or executive authority of any particular population group, be construed as a reference to the relevant matter according to the definition thereof in the Schedule as read with subsection (2) in the relevant case.

#### PART I

#### APPLICATION OF THIS PROCLAMATION; POPULATION GROUPS AND MEMBERSHIP THEREOF

##### *Application of this Proclamation*

2. This Proclamation shall apply in respect of every representative authority except, in the case of any particular representative authority, in so far as may be otherwise provided in its constitution.

##### *Population groups*

3. The population groups for which representative authorities may be established shall be —

- (i) the Basters; (i)
- (ii) the Bushmen; (iii)
- (iii) the Caprivians; (iv)
- (iv) the Coloureds; (viii)
- (v) the Damaras; (v)
- (vi) the Hereros; (vi)
- (vii) the Kavangos; (vii)
- (viii) the Namas; (ix)
- (ix) the Ovambos; (x)
- (x) the Tswanas; (xi)
- (xi) the Whites. (ii)

*Lidmaatskap van 'n bevolkingsgroep*

4. (1) By die toepassing van hierdie Proklamasie, die grondwet van 'n verteenwoordigende owerheid, en enige ordonnansie van 'n wetgewende owerheid, word 'n persoon geag 'n lid te wees van —

- (a) die bevolkingsgroep wat op watter wyse ook al aangegee word op die identiteitsdokument wat kragtens artikel 3 van die Wet op Identifikasie van Persone, 1979 (Wet 2 van 1979), van die Vergadering, aan hom uitgereik is;
- (b) in die geval van 'n persoon wat nie ingevolge paragraaf (a) van hierdie artikel 'n lid van 'n bevolkingsgroep is nie, die bevolkingsgroep, indien daar een is, waarvan hy volgens 'n identiteitsdokument in paragraaf (b) of (c) van die omskrywing van "identiteitsdokument" in artikel 1 van genoemde Wet op Identifikasie van Persone, 1979, bedoel, en aan hom uitgereik, 'n lid is;
- (c) in die geval van 'n persoon wat nie ingevolge die bepalings van paragraaf (a) of (b) 'n lid van 'n bevolkingsgroep is nie en wat getroud is, of volgens die tradisionele reg en gebruike wat 'n bepaalde bevolkingsgroep toepas, 'n deelgenoot is in 'n huweliksverbintenis, met 'n persoon wat ingevolge genoemde bepalings 'n lid van 'n bevolkingsgroep is, die bevolkingsgroep waarvan laasgenoemde persoon aldus 'n lid is;
- (d) in die geval van 'n persoon onder die ouderdom van sestien jaar wat nie ingevolge die bepalings van paragraaf (a), (b) of (c) 'n lid van 'n bevolkingsgroep is nie, die bevolkingsgroep, indien daar een is, waarvan sy moeder ingevolge genoemde bepalings 'n lid is;
- (e) in die geval van 'n persoon wat nie ingevolge paragraaf (a), (b), (c) of (d) 'n lid van 'n bevolkingsgroep is nie, die bevolkingsgroep, indien daar een is, waarvan hy gewoonlik aanvaar word 'n lid te wees.

(2) Indien die uitvoerende owerheid van 'n bevolkingsgroep van mening is dat 'n persoon wat ingevolge die bepalings van paragraaf (a) of (b) van subartikel (1) 'n lid van die betrokke bevolkingsgroep is uit hoofde van 'n identiteitsdokument wat kragtens die een of ander bepaling van genoemde Wet op Identifikasie van Persone, 1979, aan hom uitgereik is, in werklikheid nie 'n lid van daardie bevolkingsgroep is nie, kan daardie uitvoerende owerheid die registrasiebeampte in daardie Wet bedoel, versoek om kragtens artikel 5 van daardie Wet 'n nuwe identiteitsdokument, waarop die betrokke bevolkingsgroep nie aangegee word nie, aan

*Membership of a population group*

4. (1) For the purposes of this Proclamation, the constitution of a representative authority, and any ordinance of a legislative authority, a person shall be deemed to be a member of —

- (a) the population group indicated in any manner whatsoever on the identity document issued to him under section 3 of the Identification of Persons Act, 1979 (Act 2 of 1979), of the Assembly;
- (b) in the case of a person who is not a member of a population group in terms of paragraph (a) of this section the population group, if any, of which he is a member according to any identity document referred to in paragraph (b) or (c) of the definition of "identity document" in section 1 of the said Identification of Persons Act, 1979, and issued to him;
- (c) in the case of a person who is not a member of a population group in terms of the provisions of paragraph (a) or (b) and who is married to, or is in terms of the traditional laws and customs applied by a particular population group, a partner in a customary union with, a person who is a member of a population group in terms of the said provisions, the population group of which the last-mentioned person is a member as aforesaid;
- (d) in the case of a person under the age of sixteen years who is not a member of a population group in terms of the provisions of paragraph (a), (b) or (c), the population group, if any, of which his mother is in terms of the said provisions a member;
- (e) in the case of a person who is not a member of a population group in terms of paragraph (a), (b), (c) or (d), the population group, if any, of which he is generally accepted to be a member.

(2) If the executive authority of a population group is of the opinion that any person who, by virtue of an identity document issued to him under any provision of the said Identification of Persons Act, 1979, is a member of the population group concerned in terms of paragraph (a) or (b) of subsection (1), is in fact not a member of that population group, that executive authority may request the registering officer referred to in that Act to issue a new identity document, on which that population group is not indicated, to such person under section 5 of that Act, and the said registering officer may accede to the request if, after such inquiry as he may

daardie persoon uit te reik, en genoemde registrasiebeampte kan aan die versoek voldoen indien hy, na die ondersoek wat hy nodig ag en met inagneming van die bepalings van subartikel (1) van hierdie artikel, oortuig is dat die identiteitsdokument aan daardie persoon uitgereik soos voormeld, onjuis is ten opsigte van die bevolkingsgroep daarop aangegee.

## DEEL II

### DIE WETGEWENDE OWERHEID

#### *Minimumkwalifikasies vir stemreg ten opsigte van wetgewende owerheid*

5. (1) Niemand is bevoeg om by 'n verkiesing van 'n lid van die wetgewende owerheid van 'n bevolkingsgroep te stem nie —

(a) tensy —

(i) hy 'n lid van die betrokke bevolkingsgroep is; en

(ii) hy agtien jaar oud of ouer is; en

(iii) 'n identiteitsdokument kragtens artikel 3 van die Wet op Identifikasie van Persone, 1979 (Wet 2 van 1979), van die Vergadering, aan hom uitgereik is; en

(iv) hy op die stembag vir die betrokke verkiesing ingevolge die wette wat daarop betrekking het, bepaal, of op die dag in 'n aldus bepaalde stemtydperk waarop hy wil stem, vir 'n deurlopende tydperk van minstens een jaar gewoonlik in die gebied woonagtig is;

(b) indien —

(i) hy 'n Suid-Afrikaanse burger is; en

(ii) hy ingevolge die wette van die Republiek geregtig is om sy naam te laat opneem in 'n geldige kieserslys vir 'n verkiesing van 'n lid van die Volksraad of die Verkose Kleurlingraad van die Republiek of 'n lid van 'n wetgewende vergadering wat in die Republiek kragtens die Grondwet van Swart State, 1971 (Wet 21 van 1971), van die Republiek, ingestel is; en

(iii) sy naam op so 'n kieserslys verskyn; of

(c) indien hy nie 'n Suid-Afrikaanse burger is nie en, uit hoofde van die feit dat hy aan die vereistes vir die uitoefening van stemreg ingevolge die wette van 'n ander land as die Republiek of die gebied voldoen, geregtig is om by 'n verkiesing van 'n lid van 'n wetgewende liggaam van daardie ander land te stem.

consider necessary and with due regard to the provisions of subsection (1) of this section, he is satisfied that the identity document issued to that person as aforesaid is incorrect in respect of the population group indicated thereon.

## PART II

### THE LEGISLATIVE AUTHORITY

#### *Minimum qualifications for right to vote in respect of legislative authority*

5. (1) No person shall be qualified to vote at any election for a member of the legislative authority of a population group —

(a) unless —

(i) he is a member of the population group concerned; and

(ii) he is of or over the age of eighteen years; and

(iii) an identity document has been issued to him under section 3 of the Identification of Persons Act, 1979 (Act 2 of 1979), of the Assembly; and

(iv) he has been ordinarily resident in the territory for a continuous period of not less than one year on the polling day determined for the election concerned in terms of the laws relating thereto or on the day falling within a polling period so determined on which he wishes to vote;

(b) if —

(i) he is a South African citizen; and

(ii) he is in terms of the laws of the Republic entitled to have his name included in a valid list of voters for an election of a member of the Legislative Assembly or the Coloured Persons Representative Council of the Republic or a member of a legislative assembly established in the Republic under the Black States Constitution Act, 1971 (Act 21 of 1971), of the Republic; and

(iii) his name appears on any such list of voters; or

(c) if he is not a South African citizen and is, by virtue of the fact that he complies with the requirements for the exercise of the right to vote in terms of the laws of a country other than the Republic or the territory, entitled to vote at an election for a member of a legislative body of such other country.

(2) Die bepalings van subartikel (1) word nie so uitgelê nie dat dit 'n wetgewende owerheid verbied om bykomende onbevoegdheid of bevoegdheid ten opsigte van die reg om by 'n verkiesing van 'n lid daarvan te stem by ordonnansie voor te skryf, en die bepalings van subparagrafe (ii) en (iv) van paragraaf (a) van daardie subartikel word nie so uitgelê nie dat dit 'n wetgewende owerheid verbied om 'n hoër ouderdom of 'n langer tydperk van gewone verblyf in die gebied as dié in die betrokke subparagraaf aangegee, as vereiste vir die reg om by so 'n verkiesing te stem, aldus voor te skryf.

(3) Ondanks die bepalings van subartikel (1)(a)(iv), kan 'n wetgewende owerheid voorsiening maak vir die verlening van die reg om by 'n verkiesing van 'n lid van daardie wetgewende owerheid te stem, aan 'n persoon wat —

- (a) nie gewoonlik in die gebied woonagtig is nie maar daarin gedomisileer is en andersins voldoen aan die vereistes vir die verlening van daardie reg; en
- (b) in diens van die administrasie van die Administrateur-generaal of van 'n verteenwoordigende owerheid of 'n statutêre liggaam soos omskryf in artikel 1 van die Skatkis- en Oudit-wet, 1975 (Wet 66 van 1975), is; en
- (c) werksaamhede in verband met die sake van die gebied of van die betrokke verteenwoordigende owerheid of statutêre liggaam buite die gebied verrig; of
- (d) aan die diens van die regering van 'n ander land of gebied afgestaan is,

en aan die eggenote of kind van so 'n persoon wat by hom woon.

(4) Indien 'n persoon vir die doeleindes van sy registrasie of voortgesette registrasie as kieser, of die nominasie van 'n kandidaat (met inbegrip van die registrasie van 'n politieke party of organisasie) vir verkiesing, ingevolge 'n wet met betrekking tot die verkiesing van lede van die wetgewende owerheid van 'n bevolkingsgroep, of vir die doeleindes van voldoening aan enige ander vereiste van so 'n wet of 'n vereiste van enige ander wet, moet bewys dat hy, soos in subartikel (1)(a)(iv) beoog of soos in 'n in subartikel (2) beoogde ordonnansie bepaal, op grond van sy gewone verblyf in die gebied bevoeg is om by so 'n verkiesing te stem, word hy vir die betrokke doeleindes geag aldus bevoeg te wees —

- (a) in 'n geval waar die stemdag of stemtydperk vir die betrokke verkiesing ingevolge so 'n wet bepaal is, indien hy op die dag waarop hy sy bevoegdheid soos voormeld moet bewys, sy gewone verblyf in die gebied het en, mits hy nie in die tussentyd gewoonlik buite die gebied woonagtig word nie, op die stemdag of op 'n dag gedurende die stemtydperk aldus bevoeg sal wees; en

(2) The provisions of subsection (1) shall not be construed as prohibiting any legislative authority from prescribing by ordinance additional disqualifications or qualifications in respect of the right to vote at any election of a member thereof, and the provisions of subparagraphs (ii) and (iv) of paragraph (a) of that subsection shall not be construed as prohibiting any legislative authority from so prescribing a higher age or a longer period of ordinary residence in the territory than that specified in the relevant subparagraph, as a requirement for the right to vote at any such election.

(3) Notwithstanding the provisions of subsection (1)(a)(iv), a legislative authority may provide for the grant of the right to vote at an election of a member of that legislative authority to any person who —

- (a) is not ordinarily resident in the territory but is domiciled in it and otherwise complies with the requirements for the grant of such right; and
- (b) is in the service of the administration of the Administrator-General or of a representative authority or of a statutory body as defined in section 1 of the Exchequer and Audit Act, 1975 (Act 66 of 1975); and
- (c) performs any functions outside the territory in connection with the affairs of the territory or of the representative authority or statutory body concerned; or
- (d) has been seconded to the service of the government of any other country or territory,

and to the wife or child of any such person who resides with him.

(4) If any person is required, for purposes of his registration or continued registration as a voter, or the nomination of any candidate (including the registration of any political party or organization) for election, in terms of any law relating to the election of members of the legislative authority of a population group, or for purposes of complying with any other requirement of such a law or a requirement of any other law, to prove that he is qualified to vote at such an election on the ground of his ordinary residence in the territory as contemplated in subsection (1)(a)(iv) or in an ordinance contemplated in subsection (2), he shall for the purposes concerned be deemed to be so qualified —

- (a) in any case where the polling day or polling period for the election concerned has been determined in terms of any such law, if he is ordinarily resident in the territory on the day on which he is required to prove that he is qualified as aforesaid and, provided he does not in the meantime become ordinarily resident outside the territory, will be so qualified on the polling day or on a day during the polling period; and



(b) in enige ander geval, indien hy op die dag waarop hy sy bevoegdheid soos voormeld moet bewys, aldus bevoeg sou gewees het as daardie dag 'n stemdag vir so 'n verkiesing was.

(5) By enige verrigtinge (behalwe verrigtinge in 'n geregshof) ingevolge 'n wet wat betrekking het op die verkiesing van lede van 'n wetgewende owerheid, en tensy anders in so 'n wet bepaal word, word 'n persoon wat op enige tyd in die gebied is en in besit is van 'n identiteitsdokument wat kragtens artikel 3 van genoemde Wet op Identifikasie van Persone, 1979, aan hom uitgereik is en waarop 'n datum aangegee word as die datum waarop hy 'n inwoner geword het, geag gewoonlik in die gebied woonagtig te wees en aldus woonagtig te gewees het vir die hele tydperk wat sedert daardie datum verloop het, tensy hy die teendeel aandui of die teendeel in 'n skriftelike verklaring onder eed of bevestiging deur 'n ander persoon wat geregtig is om by so 'n verkiesing te stem, beweer word.

(6) By die toepassing van hierdie artikel word beskou dat 'n persoon gewoonlik in die gebied woonagtig is indien sy tuiste of die plek waar hy normaalweg woon en waarnatoe hy gereeld na enige tydperk van tydelike afwesigheid terugkeer, in die gebied is.

*Algemene diskwalifikasies met betrekking tot stemregten opsigte van wetgewende owerheid*

6. (1) Tensy 'n wetgewende owerheid anders bepaal, is niemand bevoeg om by 'n verkiesing van 'n lid van daardie wetgewende owerheid te stem nie —

(a) indien hy in die gebied of die Republiek skuldig bevind is aan moord of hoogverraad; of

(b) indien hy —

(i) in die gebied of die Republiek skuldig bevind is aan 'n misdryf (uitgesonderd moord of hoogverraad) ten opsigte waarvan hy gevondnis is tot 'n tydperk van gevangenisstraf sonder die keuse van 'n boete; of

(ii) beveel is om kragtens die Wet op die Misbruik van Afhanklikheidsvormende Stowwe en Rehabilitasiesentrums, 1971 (Wet 41 van 1971), of kragtens 'n ander wet wat in die gebied of die Republiek van toepassing is en die bekamping van die misbruik van afhanklikheidsvormende medisyne en alkoholiese drank ten doel het, aangehou te word; of

(iii) as 'n geestesongestelde persoon aangehou word kragtens die Wet op Geestesgesondheid, 1973 (Wet 18 van 1973), of 'n ander wet,

(b) in any other case, if he would have been so qualified on the day on which he is required to prove his qualification as aforesaid, had that day been a polling day for such an election.

(5) In any proceedings (except proceedings in a court of law) in terms of any law relating to the election of members of a legislative authority, and unless any such law provides otherwise, any person who is in the territory at any time and is in possession of an identity document issued to him under section 3 of the said Identification of Persons Act, 1979, and specifying a date as the date on which he became a resident, shall be deemed to be ordinarily resident in the territory and to have been so resident for the entire period that elapsed since that date, unless he indicates the contrary or the contrary is alleged in a declaration in writing under oath or affirmation by any other person entitled to vote at such an election.

(6) For the purposes of this section a person shall be regarded as being ordinarily resident in the territory if his home or the place where he normally lives and to which he returns regularly after any period of temporary absence, is in the territory.

*General disqualifications in relation to right to vote in respect of legislative authority*

6. (1) Unless a legislative authority provides otherwise, no person shall be qualified to vote at an election of any member of such legislative authority —

(a) if he has been convicted in the territory or the Republic of murder or treason; or

(b) if he —

(i) has been convicted in the territory or the Republic of any offence (except murder or treason) in respect of which he has been sentenced to a period of imprisonment without the option of a fine; or

(ii) has been ordered to be detained under the Abuse of Dependence-producing Substances and Rehabilitation Centres Act, 1971 (Act 41 of 1971), or under any other law applying in the territory or the Republic and having as its object the combating of the abuse of dependence-producing drugs and alcoholic liquor; or

(iii) is detained as a mentally ill person under the Mental Health Act, 1973 (Act 18 of 1973), or any other law,

en die tydperk van sy aanhouding uit hoofde van die vonnis of bevel of kragtens 'n in subparagraaf (iii) bedoelde wet nie verstryk het nie.

(2) By die toepassing van subartikel (1) —

(a) word 'n persoon aan wie amnestie of volle begenadiging verleen is, geag nie aan die betrokke misdryf skuldig bevind te gewees het nie;

(b) beteken 'n tydperk van gevangenisstraf die hele termyn van 'n vonnis tot gevangenisstraf, al is die vonnis in die geheel of gedeeltelik kwytgeskeld; en

(c) word 'n vonnis tot gevangenisstraf wat opgeskort is en daarna in werking gestel word, geag opgelê te gewees het op die datum waarop dit aldus in werking gestel word.

#### *Misdrywe en strawwe*

7. (1) 'n Persoon wat, terwyl hy ingevolge die bepalings van paragraaf (a)(iv) of (b) of (c) van artikel 5(1), of die bepalings van artikel 6(1), of die soortgelyke bepalings van 'n ander wet wat op hom van toepassing is, onbevoeg is om by 'n verkiesing van 'n lid van 'n wetgewende owerheid te stem, by so 'n verkiesing stem of deur die aanvra van 'n stembrief of op 'n ander wyse poog om by so 'n verkiesing te stem, is skuldig aan 'n misdryf en by skuldigbevinding strafbaar met 'n boete van hoogstens vyfhonderd rand of met gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens ses maande of met sowel daardie boete as daardie gevangenisstraf.

(2) By 'n aanklag weens oortreding van subartikel (1) is dit geen verweer dat die beskuldigde nie geweet het dat hy ingevolge 'n bepaling in daardie subartikel genoem, onbevoeg was om by die verkiesing ten opsigte waarvan die aanklag ingebring word, te stem nie.

(3) Indien daar by 'n aanklag weens oortreding van subartikel (1) beweer word dat 'n verkiesing van 'n lid of lede van 'n wetgewende owerheid op 'n bepaalde dag of gedurende 'n bepaalde tydperk plaasgevind het, is 'n eksemplaar van die *Offisiële Koerant* van die gebied of die *Offisiële Koerant* van die betrokke verteenwoordigende owerheid, na gelang van die geval, waarin daardie dag as die stembdag of daardie tydperk as die stemtydperk vir die betrokke verkiesing bepaal word, by blote oorlegging daarvan afdoende bewys dat daardie verkiesing op daardie dag of gedurende daardie tydperk plaasgevind het.

(4) 'n Persoon wat in 'n skriftelike verklaring in artikel 5(5) beoog, 'n valse bewering maak, wetende dat dit vals is of sonder om op redelike gronde (waarvan die bewyslas op hom rus) te glo dat dit juis is, is aan 'n misdryf skuldig en by skuldigbevinding strafbaar met die strawwe wat regtens weens meened opgelê kan word.

and the period of his detention by virtue of such sentence or order or under a law referred to in subparagraph (iii) has not expired.

(2) For the purposes of subsection (1) —

(a) a person who has been granted amnesty or a free pardon shall be deemed not to have been convicted of the offence concerned;

(b) a period of imprisonment means the full term of a sentence of imprisonment, notwithstanding any remission of the whole or any portion of the sentence; and

(c) a sentence of imprisonment which has been suspended and is thereafter put into operation, shall be deemed to have been imposed on the date on which it is so put into operation.

#### *Offences and penalties*

7. (1) Any person who, being disqualified in terms of the provisions of paragraph (a)(iv) or (b) or (c) of section (5)(1), or the provisions of section 6(1), or the similar provisions of any other law applicable to him, from voting at an election of a member of any legislative authority, votes at any such election or by applying for a ballot paper or in any other manner attempts to vote at any such election, shall be guilty of an offence and liable on conviction to a fine not exceeding five hundred rand or to imprisonment for a period not exceeding six months or to both such fine and such imprisonment.

(2) Upon a charge of contravening subsection (1) it shall be no defence that the accused did not know that he was disqualified in terms of any provision mentioned in that subsection from voting at the election in respect of which the charge is brought.

(3) If upon a charge of contravening subsection (1) it is alleged that an election of any member or members of a legislative authority took place on a particular day or during a particular period, a copy of the *Official Gazette* of the territory or of the *Official Gazette* of the representative authority concerned, as the case may be, in which that day is determined as the polling day or that period is determined as the polling period for the election concerned, shall upon its mere production be conclusive proof that such election took place on that day or during that period.

(4) Any person who in any declaration in writing contemplated in section 5(5) makes a false statement knowing it to be false or without reasonable grounds (the onus of proof of which shall be on him) for believing it to be true, shall be guilty of an offence and liable on conviction to the penalties which may in law be imposed for perjury.



*Diskwalifikasies vir lidmaatskap van wetgewende owerheid*

8. (1) Tensy die wetgewende owerheid van 'n bevolkingsgroep anders bepaal —

(a) is 'n persoon nie bevoeg om as lid van daardie wetgewende owerheid verkies, benoem of andersins aangewys te word of sitting te neem nie tensy hy bevoeg is om by 'n verkiesing van 'n lid van daardie wetgewende owerheid te stem; en

(b) ontruim 'n lid van daardie wetgewende owerheid sy setel indien hy onbevoeg word om by so 'n verkiesing te stem.

(2) 'n Persoon wat —

(a) 'n lid van die uitvoerende owerheid van die een of ander bevolkingsgroep is, is nie bevoeg om as lid van die wetgewende owerheid van 'n ander bevolkingsgroep verkies, benoem of andersins aangewys te word of dit te wees nie;

(b) 'n lid is van die liggaam in artikel 3(5) van die Proklamasie op die Nasionale Vergadering, 1979 (Proklamasie AG. 21 van 1979), bedoel, is nie bevoeg om as lid van die wetgewende owerheid van enige bevolkingsgroep verkies, benoem of andersins aangewys te word of dit te wees nie.

(3) Die bepalings van subartikels (1) en (2) geld benewens die bepalings van 'n ander wet met betrekking tot onbevoegdheid of bevoegdheid vir lidmaatskap van, of die ontruiming van setels in, 'n wetgewende owerheid, en nie ter vervanging daarvan nie.

(4) Iemand wat ingevolge die een of ander wet onbevoeg is om as lid van 'n wetgewende owerheid van 'n bevolkingsgroep sitting te neem en wat, terwyl hy aldus onbevoeg is en weet of redelike gronde het om te weet dat hy aldus onbevoeg is, as lid van daardie wetgewende owerheid sitting neem of stem, strafbaar met 'n boete van vyftig rand, wat in die Suidwes-Afrika-afdeling van die Hooggeregshof van Suid-Afrika deur of op gesag van die uitvoerende owerheid van daardie bevolkingsgroep verhaal kan word ten bate van die inkomstefonds van die betrokke verteenwoordigende owerheid.

*Eerste verkiesing van lede van wetgewende owerheid*

9. (1) Ondanks andersluidende bepalings van enige ander wet, met inbegrip van die grondwet van 'n verteenwoordigende owerheid en 'n ordonnansie van 'n wetgewende owerheid —

(a) word die eerste verkiesing van lede van 'n wetgewende owerheid na die inwerkingtreding van hierdie artikel, gevoer kragtens 'n wet wat vir dié doel deur die Administrateur-generaal gemaak word;

*Disqualifications for membership of legislative authority*

8. (1) Unless the legislative authority of a population group provides otherwise —

(a) no person shall be qualified to be elected, nominated or otherwise designated or to sit as a member of such legislative authority unless he is qualified to vote at an election of a member of that legislative authority; and

(b) a member of that legislative authority shall vacate his seat if he becomes disqualified from voting at such an election.

(2) No person who —

(a) is a member of the executive authority of any population group, shall be qualified to be elected, nominated or otherwise designated as, or to be, a member of the legislative authority of any other population group;

(b) is a member of the body referred to in section 3(5) of the National Assembly Proclamation, 1979 (Proclamation AG. 21 of 1979), shall be qualified to be elected, nominated or otherwise designated as, or to be, a member of the legislative authority of any population group.

(3) The provisions of subsections (1) and (2) shall apply in addition to, and not in substitution of, the provisions of any other law relating to disqualification or qualification for membership of, and the vacating of seats in, any legislative authority.

(4) Any person who is by law disqualified from sitting as a member of a legislative authority of a population group and who, while so disqualified and knowing or having reasonable grounds for knowing that he is so disqualified, sits or votes as a member of such legislative authority, shall be liable to a penalty of fifty rand for each day on which he so sits or votes, which may be recovered in the South West Africa Division of the Supreme Court of South Africa by or under the authority of the executive authority of that population group for the benefit of the revenue fund of the relevant representative authority.

*First election of members of legislative authority*

9. (1) Notwithstanding anything to the contrary in any other law contained, including the constitution of any representative authority and any ordinance of a legislative authority —

(a) the first election of members of any legislative authority after the coming into operation of this section, shall be conducted under a law made for that purpose by the Administrator-General;

(b) is 'n persoon wat —

(i) nie ingevolge artikel 5(1) onbevoeg is om by 'n verkiesing van 'n lid van 'n wetgewende owerheid te stem nie; en

(ii) nie aan 'n in artikel 6(1) genoem onbevoegdheid onderhewig is nie,

geregtig om by genoemde eerste verkiesing te stem by voldoening aan, en op die wyse voorgeskryf deur, die bepalings van die in paragraaf (a) van hierdie subartikel beoogde wet;

(c) word die persone wat by genoemde eerste verkiesing as lede van die betrokke wetgewende owerheid gekies word, by die toepassing van die grondwet van daardie wetgewende owerheid, geag by 'n verkiesing in daardie grondwet beoog, gekies te wees.

(2) Indien die in subartikel (1)(a) beoogde wet voorsiening maak vir die saamstel van lyste van persone wat nie ingevolge subartikel (1)(a) van artikel 5 soos geles met subartikels (4) en (5) van daardie artikel onbevoeg is om by genoemde eerste verkiesing te stem nie, word die gegewens wat vir die opstel van sodanige lyste nodig is, verkry uit die besonderhede wat op aansoeke vir die uitreiking van identiteitsdokumente ingevolge artikel 3 van die Wet op Identifikasie van Persone, 1979 (Wet 2 van 1979), van die Vergadering, verskyn.

#### *Duur van wetgewende owerheid*

10. (1) Behoudens die bepalings van subartikels (2) en (3), bly 'n wetgewende owerheid in stand vir die tydperk wat ingevolge sy grondwet bepaal word, en word hy nie ontbind nie behalwe deur tydsverloop.

(2) (a) 'n Wetgewende owerheid kan te eniger tyd deur die Administrateur-generaal by proklamasie in die *Offisiële Koerant* ontbind word.

(b) 'n Ontbinding van 'n wetgewende owerheid kragtens paragraaf (a) word vir alle doeleindes geag 'n ontbinding daarvan deur tydsverloop te wees.

(3) Ondanks 'n ontbinding van 'n wetgewende owerheid —

(a) bly elke persoon wat op die datum van die ontbinding lid van die betrokke wetgewende owerheid is, nog lid daarvan;

(b) bly daardie wetgewende owerheid bevoeg om sy werksaamhede te verrig; en

(c) kan daardie wetgewende owerheid ooreenkomstig die bepalings van sy grondwet vir die verrigting van werksaamhede byeengeroep word,

(b) any person who —

(i) is not in terms of section 5(1) disqualified from voting at an election of a member of a legislative authority; and

(ii) is not subject to a disqualification mentioned in section 6(1),

shall be entitled to vote at the said first election upon compliance with, and in the manner prescribed by, the provisions of the law contemplated in paragraph (a) of this subsection;

(c) the persons who are elected as members of the legislative authority concerned at the said first election, shall for the purposes of the constitution of that legislative authority be deemed to have been elected at an election contemplated in that constitution.

(2) If the law contemplated in subsection (1)(a) provides for the compilation of lists of persons who are not disqualified from voting at the said first election in terms of subsection (1)(a) of section 5 read with subsections (4) and (5) of that section, the information necessary for the compilation of such lists shall be obtained from the particulars appearing on applications for the issue of identity documents in terms of section 3 of the Identification of Persons Act, 1979 (Act 2 of 1979), of the Assembly.

#### *Duration of legislative authority*

10. (1) Subject to the provisions of subsections (2) and (3), a legislative authority shall continue for such period as may be determined in terms of its constitution, and shall not be dissolved save by effluxion of time.

(2) (a) A legislative authority may be dissolved by the Administrator-General by proclamation in the *Official Gazette* at any time.

(b) A dissolution of a legislative authority under paragraph (a) shall be deemed for all purposes to be a dissolution thereof by effluxion of time.

(3) Notwithstanding any dissolution of a legislative authority —

(a) every person who at the date of the dissolution is a member of the legislative authority concerned shall remain a member thereof;

(b) that legislative authority shall remain competent to perform its functions; and

(c) that legislative authority may be summoned in terms of its constitution for the dispatch of business,

gedurende die tydperk na daardie ontbinding tot en met die dag onmiddellik voor die stemdag of eerste stemdag van die verkiesing ingevolge daardie ontbinding gehou, of, indien die grondwet van die betrokke wetgewende owerheid nie voorsiening maak vir die aanwysing van al of sommige van die lede van daardie wetgewende owerheid deur verkiesing nie, die dag onmiddellik voor die eerste dag waarop die een of ander persoon uit hoofde van sy amp of deur benoeming of aanwysing op 'n ander wyse, ingevolge daardie grondwet lid word van die nuwe wetgewende owerheid wat as gevolg van die ontbinding saamgestel word, op dieselfde wyse in alle opsigte asof die ontbinding nie plaasgevind het nie.

#### *Sessies van wetgewende owerheid*

11. (1) Minstens een keer in elke boekjaar van 'n verteenwoordigende owerheid is daar 'n sessie van die betrokke wetgewende owerheid wat 'n aanvang neem binne 'n tydperk van twaalf maande vanaf die datum van die laaste sitting van die laaste sessie wat in die onmiddellik voorafgaande boekjaar gehou is.

(2) Sessies van die wetgewende owerheid word belê ooreenkomstig die bepalings van sy grondwet.

#### *Prosedure in vergadering van wetgewende owerheid*

12. (1) 'n Wetgewende owerheid aanvaar van tyd tot tyd 'n reglement van orde wat nie met sy grondwet of hierdie Proklamasie onbestaanbaar is nie, waarvolgens sy verrigtinge en die afhandeling van sake gereël word en plaasvind, waarvolgens ordonnansies aangeneem, titels toegewys en genommer word en waarvolgens ordonnansies aan die Administrateur-generaal vir sy toestemming voorgelê word.

(2) Behoudens die bepalings van sodanige reglement van orde —

(a) bestaan daar vryheid van spraak en debat in 'n vergadering van 'n wetgewende owerheid of 'n komitee daarvan;

(b) is die verrigtinge van 'n wetgewende owerheid vir die publiek toeganklik.

(3) Geen lid van 'n wetgewende owerheid of 'n uitvoerende owerheid staan bloot aan 'n regsdinging weens sy uitlatings of stem in 'n vergadering van die betrokke wetgewende owerheid of 'n komitee daarvan nie.

#### *Misdrywe met betrekking tot wetgewende owerheid*

13. Behoudens die bepalings van die grondwet van 'n bepaalde wetgewende owerheid, is iemand wat —

(a) 'n lid van 'n wetgewende owerheid wat op weg is na of van 'n sitting daarvan, of weens sy optrede daarin dreig, belemmer of beledig, of poog om 'n

during the period following such dissolution up to and including the day immediately preceding the polling day or first polling day for the election held in pursuance of such dissolution, or, if the constitution of the legislative authority concerned does not provide for the designation of all or some of its members by election, the day immediately preceding the first day on which any person, by virtue of his office or through nomination or designation in some other manner, becomes a member in terms of that constitution, of the new legislative authority constituted as a result of such dissolution, in the same manner in all respects as if such dissolution did not take place.

#### *Sessions of legislative authority*

11. (1) At least once in each financial year of a representative authority there shall be a session of the relevant legislative authority, which shall commence within a period of twelve months as from the date of the last sitting of the last session held in the immediately preceding financial year.

(2) Sessions of the legislative authority shall be convened in accordance with the provisions of its constitution.

#### *Procedure in legislative authority*

12. (1) A legislative authority shall from time to time adopt standing rules and orders not inconsistent with its constitution or this Proclamation, for the regulation and conduct of its proceedings and dispatch of business, for the passing, entitling and numbering of ordinances and for the presentation of ordinances to the Administrator-General for his assent.

(2) Subject to the provisions of such standing rules and orders —

(a) there shall be freedom of speech and debate in any meeting of the legislative authority or any committee thereof;

(b) the proceedings of a legislative authority shall be open to the public.

(3) No member of a legislative authority or an executive authority shall be liable to any legal proceedings by reason of his speech or vote in any meeting of the legislative authority concerned or any committee thereof.

#### *Offences relating to legislative authority*

13. Subject to the provisions of the constitution of a particular representative authority, any person who —

(a) threatens, obstructs or insults a member of a legislative authority proceeding to or from any sitting thereof or on account of his conduct

lid van 'n wetgewende owerheid deur geweld, belediging of bedreiging te dwing om hom ten gunste van of teen 'n voorstel of aangeleentheid te verklaar wat in daardie wetgewende owerheid aanhangig is of na verwagting aanhangig gemaak sal word; of

(b) terwyl 'n wetgewende owerheid in sitting is, 'n steurnis daarin of in die nabyheid daarvan veroorsaak of aan so 'n steurnis deelneem, waardeur die verrigtinge van daardie owerheid onderbreek word of waarskynlik onderbreek sal word; of

(c) hom skuldig maak aan 'n handeling of versuim wat ingevolge die reglement van orde van 'n wetgewende owerheid minagting van daardie owerheid uitmaak,

is aan 'n misdryf skuldig en by skuldigbevinding strafbaar met 'n boete van hoogstens vyfhonderd rand of met gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens ses maande of met sowel daardie boete as daardie gevangenisstraf.

#### *Wetgewende bevoegdheid van wetgewende owerheid*

14. (1) Behoudens die bepalinge van hierdie Proklamasie en van die grondwet van die verteenwoordigende owerheid wat vir 'n bevolkingsgroep ingestel word, kan die wetgewende owerheid van daardie bevolkingsgroep —

(a) wette, wat ordonnansies heet, maak met betrekking tot —

(i) enige aangeleentheid in die bylae omskryf en enige ander aangeleentheid wat vir die doeleindes van hierdie subparagraaf in genoemde grondwet omskryf word; en

(ii) met die toestemming van die Administrateur-generaal vooraf in elke bepaalde geval vir die doeleindes van hierdie subparagraaf verkry en deur die lid van die wetgewende owerheid wat ingevolge daardie grondwet op vergaderings daarvan voorsit aan die wetgewende owerheid meegedeel, 'n aangeleentheid wat nie aldus omskryf is nie;

(b) in 'n ordonnansie kragtens paragraaf (a) gemaak, enige wet, met inbegrip van 'n wet deur die Parlement of die Staatspresident van die Republiek of deur die Administrateur-generaal of die Vergadering gemaak, wat in die gebied of enige deel daarvan van krag is onmiddellik voor die datum waarop die bepalinge van hierdie subartikel ingevolge 'n proklamasie kragtens subartikel (2) uitgevaardig, met betrekking tot daardie wetgewende owerheid in werking tree ten opsigte van 'n omskrewe aangeleentheid in die proklamasie genoem, vir sover daardie wet op die

therein, or endeavours by force, insult or menace to compel a member of a legislative authority to declare himself in favour of or against any proposition or matter depending or expected to be brought before such legislative authority; or

(b) while a legislative authority is sitting, creates or joins in any disturbance therein or in the vicinity thereof, whereby the proceedings of such authority are or are likely to be interrupted; or

(c) is guilty of an act or omission which in terms of the rules and orders of a legislative authority constitutes contempt of such authority,

shall be guilty of an offence and liable on conviction to a fine not exceeding five hundred rand or to imprisonment for a period not exceeding six months or to both such fine and such imprisonment.

#### *Legislative powers of legislative authority*

14. (1) Subject to the provisions of this Proclamation and of the constitution of the representative authority established for any population group, the legislative authority of such population group may —

(a) make laws, to be called ordinances, in relation to —

(i) any matter defined in the Schedule and any other matter defined in the said constitution for the purposes of this subparagraph; and

(ii) with the consent of the Administrator-General previously obtained for the purposes of this subparagraph in any particular case and communicated to the legislative authority by the member thereof who in terms of that constitution presides at meetings thereof, any matter that is not so defined;

(b) in any ordinance made under paragraph (a), amend or repeal any law, including a law made by the Parliament or the State President of the Republic or by the Administrator-General or the Assembly, which is in force in the territory or any part thereof immediately before the day on which the provisions of this subsection comes into operation, in terms of a proclamation issued under subsection (2), with reference to that legislative authority in respect of a defined matter specified in the proclamation, in so far as such

aldus genoemde aangeleentheid betrekking het, behalwe 'n wet in subartikel (7) genoem, wysig of herroep.

(2) (a) Die bepalings van subartikel (1) tree met betrekking tot 'n bepaalde wetgewende owerheid in werking, behoudens die bepalings van sy grondwet en van paragraaf (b) van hierdie subartikel, op 'n datum wat die Administrateur-generaal by proklamasie in die *Offisiële Koerant* bepaal.

(b) Die Administrateur-generaal kan kragtens paragraaf (a) —

(i) verskillende proklamasies ten opsigte van verskillende wetgewende owerhede uitvaardig;

(ii) met betrekking tot 'n bepaalde wetgewende owerheid, verskillende proklamasies ten opsigte van verskillende omskrewe aangeleenthede of ten opsigte van verskillende onderwerpe wat onder 'n omskrewe aangeleentheid val en in die betrokke proklamasie omskryf word, uitvaardig, en verskillende datums ten opsigte van verskillende sodanige aangeleenthede of onderwerpe bepaal.

(c) 'n Verwysing in hierdie Proklamasie of enige ander wet na 'n omskrewe aangeleentheid of 'n aangeleentheid in die Bylae of in die grondwet van 'n verteenwoordigende owerheid omskryf, word uitgelê as 'n verwysing ook na 'n onderwerp wat onder so 'n aangeleentheid val en in 'n proklamasie kragtens hierdie subartikel uitgevaardig, omskryf word soos in paragraaf (b)(ii) beoog.

(3) Indien die bevoegdheid om ordonnansies met betrekking tot die een of ander omskrewe aangeleentheid te maak, by die grondwet van 'n wetgewende owerheid aan hom verleen word vanaf 'n ander datum as 'n datum by proklamasie kragtens subartikel (2) bepaal, word, by die toepassing van hierdie Proklamasie, daardie ander datum geag by 'n proklamasie kragtens daardie subartikel uitgevaardig, ten opsigte van daardie omskrewe aangeleentheid bepaal te wees, en daardie grondwet geag so 'n proklamasie te wees.

(4) Ondanks die bepalings van subartikel (2), kan 'n wetgewende owerheid te eniger tyd 'n bestaande wet wat betrekking het op 'n omskrewe aangeleentheid, wysig ten einde dit —

(a) aan te pas om aan die bepalings van artikels 23 en 25 gevolg te gee;

law relates to the matter so specified, except a law specified in subsection (7).

(2) (a) The provisions of subsection (1) shall come into operation with reference to a particular legislative authority, subject to the provisions of its constitution and of paragraph (b) of this subsection, on a date to be determined by the Administrator-General by proclamation in the *Official Gazette*.

(b) The Administrator-General may under paragraph (a) —

(i) issue different proclamations in respect of different legislative authorities;

(ii) with reference to any particular legislative authority, issue different proclamations in respect of different defined matters or in respect of different subjects falling under a defined matter and defined in the proclamation concerned, and determine different dates in respect of different such matters or subjects.

(c) Any reference in this Proclamation or any other law to a defined matter or a matter defined in the Schedule or in the constitution of any representative authority, shall be construed as including a reference to any subject falling under such a matter and defined in a proclamation issued under this subsection, as contemplated in paragraph (b)(ii).

(3) If the power to make ordinances in relation to any defined matter is conferred upon a legislative authority by its constitution as from a date other than a date determined by proclamation under subsection (2), then, for the purposes of this Proclamation, such other date shall be deemed to have been determined by a proclamation issued under that subsection in respect of such defined matter, and that constitution shall be deemed to be such a proclamation.

(4) Notwithstanding the provisions of subsection (2), a legislative authority may at any time amend any existing law that relates to a defined matter, in order to —

(a) adjust it so as to give effect to the provisions of sections 23 and 25;

- (b) ten opsigte van die betrokke bevolkingsgroep toe te pas in 'n deel van die gebied waarin dit nie aldus van toepassing is nie of in die gebied as geheel; of
- (c) op die ander wyse wat die Administrateur-generaal goedkeur, in ooreenstemming met die bepalings van hierdie Proklamasie of die grondwet van die betrokke verteenwoordigende owerheid te bring:

Met dien verstande dat so 'n wysiging nie voor die datum waarop die wetgewende owerheid uit hoofde van 'n proklamasie kragtens subartikel (2) uitgevaardig, bevoeg word om ordonnansies oor die betrokke aangeleentheid te maak, in werking tree nie.

- (5) (a) Behoudens die bepalings van paragrawe (b) en (c), is 'n ordonnansie deur 'n wetgewende owerheid met betrekking tot 'n omskrewe aangeleentheid gemaak, geldig slegs vir solank as en vir sover dit nie strydig of onbestaanbaar is nie met 'n wet van die Vergadering wat op of na die datum gemaak word waarop die wetgewende owerheid ingevolge 'n proklamasie kragtens subartikel (2) uitgevaardig, bevoeg word om ordonnansies met betrekking tot daardie omskrewe aangeleentheid te maak.
- (b) Indien 'n ordonnansie van die wetgewende owerheid van 'n bevolkingsgroep betrekking het op 'n omskrewe aangeleentheid, of 'n onderwerp wat onder 'n omskrewe aangeleentheid val, ten opsigte waarvan die Vergadering ingevolge 'n proklamasie kragtens die bepalings van artikel 3(2)*bis* van die Proklamasie op die Nasionale Vergadering, 1979 (Proklamasie AG. 21 van 1979), uitgevaardig, nie sonder die toestemming van die Administrateur-generaal ooreenkomstig genoemde bepalings verleen, wette kan maak nie, strydig of onbestaanbaar is met 'n wet van die Vergadering wat op of na die in paragraaf (a) van hierdie subartikel bedoelde datum gemaak word en waaruit dit nie blyk dat dit met sodanige toestemming gemaak is en op of ten opsigte van daardie omskrewe aangeleentheid van toepassing is nie, geld die bepalings van daardie ordonnansie ondanks die feit dat dit aldus strydig of onbestaanbaar is.
- (c) 'n Ordonnansie van 'n wetgewende owerheid wat met die toestemming van die Administrateur-generaal vooraf in elke bepaalde geval vir die doeleindes van hierdie paragraaf verkry en deur die lid van die wetgewende owerheid wat ingevolge die grondwet daarvan op vergaderings daarvan voorsit aan die wetgewende owerheid meegedeel, gemaak is, is geldig al is dit strydig of onbestaanbaar met 'n wet van die Vergadering in paragraaf (a) bedoel, met inbegrip van so 'n wet wat met die in paragraaf (b) bedoelde toestemming van die Administrateur-generaal

- (b) apply it to the population group concerned in any part of the territory in which it does not so apply, or throughout the territory; or
- (c) to bring it into harmony with the provisions of this Proclamation or the constitution of the representative authority concerned, in such other manner as may be approved by the Administrator-General:

Provided that such an amendment shall not come into operation before the date on which the legislative authority becomes empowered, by virtue of a proclamation issued under subsection (2), to make ordinances on the matter concerned.

- (5) (a) Subject to the provisions of paragraphs (b) and (c), an ordinance made by a legislative authority in relation to any defined matter shall be valid so long and as far only as it is not repugnant to or inconsistent with a law of the Assembly made on or after the date on which the legislative authority becomes empowered, in terms of a proclamation issued under subsection (2), to make ordinances in relation to such defined matter.
- (b) If any ordinance of the legislative authority of any population group relates to a defined matter, or a subject falling under a defined matter, in respect of which the Assembly, in terms of a proclamation issued under the provisions of section 3(2)*bis* of the National Assembly Proclamation, 1979 (Proclamation AG. 21 of 1979), may not make laws without the consent of the Administrator-General granted in accordance with the said provisions, is repugnant to or inconsistent with a law of the Assembly which is made on or after the date referred to in paragraph (a) of this subsection, and from which it does not appear that it was made with such consent and applies to or in respect of such defined matter, the provisions of such ordinance shall prevail notwithstanding the repugnancy or inconsistency.
- (c) An ordinance of a legislative authority made with the consent of the Administrator-General previously obtained for the purposes of this paragraph in any particular case and communicated to the legislative authority by the member thereof who in terms of the constitution thereof presides at meetings thereof, shall be valid even though it may be repugnant to or inconsistent with a law of the Assembly referred to in paragraph (a), including any such law made with the Administrator-General's consent referred to



gemaak is voor die datum waarop sodanige ordonnansie in werking tree.

(6) Die wetgewende owerheid van 'n bevolkingsgroep kan nie 'n ordonnansie maak nie waarby of waarkragtens 'n lid van daardie bevolkingsgroep verbied word of verbied kan word om van 'n diens wat ingevolge 'n wet van 'n ander wetgewende owerheid of die Vergadering of 'n ander bevoegde gesag vir hom beskikbaar is, in plaas van die ooreenstemmende diens wat deur die uitvoerende owerheid van daardie bevolkingsgroep vir lede daarvan verskaf word, gebruik te maak.

(7) 'n Wetgewende owerheid kan nie —

(a) artikel 38 van die Wet op die Konstitusie van Suidwes-Afrika, 1968 (Wet 39 van 1968), van die Parlement van die Republiek;

(b) Proklamasie 181 van 1977 van die Staatspresident;

(c) die Proklamasie op die Nasionale Vergadering, 1979 (Proklamasie AG. 21 van 1979), van die Administrateur-generaal; of

(d) enige ander wet wat onmiddellik voor die datum in subartikel (1)(b) bedoel in die gebied of 'n deel daarvan van krag is en wat die Administrateur-generaal by proklamasie in die *Offisiële Koerant* vir die doeleindes van hierdie subartikel vermeld,

wysig of herroep nie, of 'n ordonnansie maak wat daarmee of met hierdie Proklamasie of the grondwet van die betrokke verteenwoordigende owerheid onbestaanbaar is nie.

#### *Tale waarin ordonnansies voorgelê word*

15. Elke ontwerpordonnansie word in die Engelse taal en in die Afrikaanse taal aan die wetgewende owerheid voorgelê en, indien 'n ander taal ingevolge die grondwet van die betrokke verteenwoordigende owerheid 'n amptelike taal is van die bevolkingsgroep waarvoor daardie verteenwoordigende owerheid ingestel is, ook in daardie ander taal.

#### *Toestemming tot of terugverwysing van ordonnansies deur die Administrateur-generaal*

16. (1) Elke voorgestelde ordonnansie wat deur 'n wetgewende owerheid aangeneem is, word aan die Administrateur-generaal vir sy toestemming voorgelê tesame met die verduidelikende opmerkings wat nodig is om die omvang, uitwerking en redes vir die aanname daarvan aan te dui.

(2) Die Administrateur-generaal kan, wanneer 'n voorgestelde ordonnansie aan hom voorgelê word,

in paragraph (c), before the date on which such ordinance comes into operation.

(6) The legislative authority of a population group may not make any ordinance by or under which a member of that population group is or may be prohibited from making use of a service which is available to him in terms of any law of any other legislative authority or the Assembly or any other competent authority instead of the corresponding service provided by the executive authority of that population group for members thereof.

(7) A legislative authority may not amend or repeal —

(a) section 38 of the South West Africa Constitution Act, 1968 (Act 39 of 1968), of the Parliament of the Republic;

(b) Proclamation 181 of 1977 of the State President;

(c) the National Assembly Proclamation, 1979 (Proclamation AG. 21 of 1979), of the Administrator-General; or

(d) any other law in force in the territory or any part thereof immediately before the date referred to in subsection (1)(b) and specified by the Administrator-General for the purposes of this subsection by proclamation in the *Official Gazette*,

or make any ordinance which is inconsistent therewith or with this Proclamation or the constitution of the relevant representative authority.

#### *Languages in which ordinances to be submitted*

15. Every draft ordinance shall be submitted to the legislative authority in the English language and in the Afrikaans language and, if any other language is in terms of the constitution of the representative authority concerned an official language of the population group for which that representative authority has been established, also in such other language.

#### *Assent to or remittal of ordinances by Administrator-General*

16. (1) Every proposed ordinance passed by a legislative authority shall be submitted to the Administrator-General for his assent, together with such explanatory observations as may be necessary to indicate its scope and effect and the reasons for passing it.

(2) The Administrator-General may on presentation to him of a proposed ordinance declare that he assents

verklaar dat hy daarin toestem, of dit na die wetgewende owerheid terugverwys vir verdere oorweging in die lig van die inligting en advies wat gegee word.

#### *Afkondiging van ordonnansies*

17. 'n Ordonnansie waartoe die Administrateur-generaal toegestem het, word ooreenkomstig die bepalings van die grondwet van die wetgewende owerheid wat daardie ordonnansie aangeneem het, in die *Offisiële Koerant* van die betrokke verteenwoordigende owerheid afgekondig.

#### *Inwerkingtreding van ordonnansies*

18. 'n Ordonnansie tree in werking op die datum waarop dit soos in artikel 17 beoog afgekondig word, tensy die ordonnansie self bepaal dat dit in werking tree of geag word in werking te getree het op 'n ander datum of op 'n datum wat by kennisgewing daarkragtens bepaal moet word.

#### *Ondertekening en registrasie van Ordonnansies*

19. (1) So gou doenlik nadat die Administrateur-generaal tot 'n ordonnansie toegestem het, word skoon eksemplare van daardie ordonnansie in elk van die tale waarin dit deur die betrokke wetgewende owerheid aangeneem is (waarvan of die eksemplaar in die Afrikaanse taal of die eksemplaar in die Engelse taal deur die Administrateur-generaal onderteken moet wees), ooreenkomstig die bepalings van die grondwet van daardie wetgewende owerheid opgeneem in die register van die Griffier van die Suidwes-Afrika-afdeling van die Hooggeregshof van Suid-Afrika.

(2) Die eksemplare van 'n ordonnansie aldus opgeneem is afdoende bewys van die bepalings van die ordonnansie, en in geval enige van die eksemplare strydig is met die eksemplaar wat deur die Administrateur-generaal onderteken is, gee laasgenoemde eksemplaar die deurslag.

(3) Die geldigheid of inwerkingtreding van 'n ordonnansie word nie geraak deur versuim om eksemplare soos voormeld te laat opneem nie.

#### *Geldigheid van ordonnansies*

20. (1) Die Suidwes-Afrika-afdeling van die Hooggeregshof van Suid-Afrika het regsbevoegdheid oor alle aangeleenthede waarby die geldigheid van 'n ordonnansie van 'n wetgewende owerheid ter sprake is.

(2) Geen landdroshof of ander laerhof is bevoeg om oor die geldigheid van 'n ordonnansie van 'n wetgewende owerheid uitspraak te doen nie.

to it, or refer it back to the legislative authority for further consideration in the light of such information or advice as may be given.

#### *Promulgation of ordinances*

17. An ordinance assented to by the Administrator-General shall be promulgated in the *Official Gazette* of the representative authority concerned in accordance with the provisions of the constitution of the legislative authority which passed such ordinance.

#### *Coming into operation of ordinances*

18. An ordinance shall come into operation on the date on which it is promulgated as contemplated in section 17, unless the ordinance itself provides that it shall come into operation or shall be deemed to have come into operation on another date or on a date to be fixed by notice thereunder.

#### *Signature and enrolment of ordinances*

19. (1) As soon as possible after an ordinance has been assented to by the Administrator-General, fair copies of such ordinance in each of the languages in which it was passed by the legislative authority concerned (of which either the copy in the Afrikaans language or the copy in the English language shall have been signed by the Administrator-General) shall be enrolled of record in the office of the Registrar of the South West Africa Division of the Supreme Court of South Africa in accordance with the provisions of the constitution of that legislative authority.

(2) The copies of an ordinance so enrolled shall be conclusive evidence of the provisions of the ordinance and in the case of conflict between any such copy and the copy signed by the Administrator-General, the latter copy shall prevail.

(3) The validity or coming into operation of an ordinance shall not be affected by any failure to cause copies to be enrolled as aforesaid.

#### *Validity of ordinances*

20. (1) The South West Africa Division of the Supreme Court of South Africa shall have jurisdiction in all matters in which the validity of an ordinance of legislative authority shall come into question.

(2) No magistrate's court or other inferior court shall be competent to pronounce upon the validity of an ordinance of a legislative authority.

## DEEL III

## DIE UITVOERENDE OWERHEID

*Lidmaatskap van sekere liggame is diskwalifikasie vir lidmaatskap van uitvoerende owerheid*

21. (1) 'n Persoon wat —

(a) 'n lid van die uitvoerende owerheid van die een of ander bevolkingsgroep is, is nie bevoeg om as lid van die uitvoerende owerheid van 'n ander bevolkingsgroep verkies, benoem of andersins aangewys te word of dit te wees nie;

(b) 'n lid van die Vergadering is, is nie bevoeg om onder watter benaming ook al as voorsitter van die uitvoerende owerheid van enige bevolkingsgroep verkies, benoem of andersins aangewys te word of dit te wees nie;

(c) 'n lid is van die liggaam in artikel 3(5) van die Proklamasie op die Nasionale Vergadering, 1979 (Proklamasie AG. 21 van 1979), bedoel, is nie bevoeg om as lid van die uitvoerende owerheid van enige bevolkingsgroep verkies, benoem of andersins aangewys te word of dit te wees nie.

(2) Die bepalinge van subartikel (1) geld benewens die bepalinge van 'n ander wet met betrekking tot onbevoegdheid of bevoegdheid vir lidmaatskap van 'n uitvoerende owerheid, en nie ter vervanging daarvan nie.

*Administratiewe beheer van bevolkingsgroepsake deur uitvoerende owerheid*

22. (1) Behoudens die bepalinge van hierdie Proklamasie, word die Administrasie van die sake van 'n bevolkingsgroep met betrekking tot 'n omskrewe aangeleentheid deur die uitvoerende owerheid van daardie bevolkingsgroep behartig vanaf die datum waarop die wetgewende owerheid van daardie bevolkingsgroep uit hoofde van 'n proklamasie kragtens artikel 14(2) uitgevaardig, bevoeg word om ordonnansies met betrekking tot daardie aangeleentheid te maak.

(2) 'n Uitvoerende owerheid kan 'n bevoegdheid wat ingevolge hierdie Proklamasie of 'n ander wet by hom berus, aan enige van sy lede deleger.

(3) Die bepalinge van subartikel (2) raak nie 'n bevoegdheid tot delegasie wat by 'n ander wet aan 'n uitvoerende owerheid verleen word nie.

*Oordrag aan uitvoerende owerheid van sekere regte, bevoegdhede, pligte, verpligtings en werksaamhede.*

23. (1) Al die regte, bevoegdhede, pligte, verpligtings en werksaamhede wat op 'n omskrewe aangeleentheid betrekking het en wat onmiddellik voor

## PART III

## THE EXECUTIVE AUTHORITY

*Membership of certain bodies is disqualification for membership of executive authority*

21. (1) No person who —

(a) is a member of the executive authority of any population group, shall be qualified to be elected, nominated or otherwise designated, or to be, a member of the executive authority of any other population group;

(b) is a member of the Assembly, shall be qualified to be elected, nominated or otherwise designated as, or to be, chairman under whatever title of the executive authority of any population group;

(c) is a member of the body referred to in section 3(5) of the National Assembly Proclamation, 1979 (Proclamation AG. 21 of 1979), shall be qualified to be elected, nominated or otherwise designated as, or to be, a member of the executive authority of any population group.

(2) The provisions of subsection (1) shall apply in addition to, and not in substitution of, the provisions of any other law relating to disqualification or qualification for membership of any executive authority.

*Administrative control of population group affairs by executive authority*

22. (1) Subject to the provisions of this Proclamation, the administration of the affairs of a population group in relation to a defined matter shall be carried on by the executive authority of that population group as from the date on which the legislative authority of that population group becomes empowered, by virtue of a proclamation issued under section 14(2), to make ordinances in relation to that matter.

(2) An executive authority may delegate any power vesting in it in terms of this Proclamation or any other law, to any of its members.

(3) The provisions of subsection (2) shall not affect any power to delegate conferred upon an executive authority by any other law.

*Transfer to executive authority of certain rights, powers, duties, obligations and functions*

23. (1) All rights, powers, duties, obligations and functions which relate to a defined matter and which vested in the State President or a Minister of the

die datum waarop die wetgewende owerheid van 'n bevolkingsgroep uit hoofde van 'n proklamasie kragtens artikel 14(2) uitgevaardig, bevoeg word om ordonnansies met betrekking tot daardie omskrewe aangeleentheid te maak, by die Staatspresident of 'n Minister van die Republiek of by die Administrateur-generaal of die bestaande uitvoerende liggaam in artikel 39 bedoel, berus het, berus vanaf daardie datum en totdat daardie wetgewende owerheid anders bepaal, by die uitvoerende owerheid van daardie bevolkingsgroep vir sover die betrokke reg, bevoegdheid, plig, verpligting of werksaamheid op daardie omskrewe aangeleentheid betrekking het.

(2) Die bepalings van subartikel (1) is nie met betrekking tot 'n bevoegdheid om wette (behalwe regulasies, reëls, verordeninge, voorskrifte of bepalings in die voorbehoudsbepaling by artikel 38(2) van die Wet op die Konstitusie van Suidwes-Afrika, 1968 (Wet 39 van 1968), bedoel) te maak, van toepassing nie.

#### *Administratiewe afdelings kan ingestel word*

24. Behoudens die bepalings van die wette op regeeringsdiens in die gebied, kan 'n uitvoerende owerheid die bevoegdhede, pligte en werksaamhede wat ten opsigte van die verskillende aangeleenthede waaroor die bevoegde wetgewende owerheid ordonnansies kan maak, uitgeoefen of verrig moet word onder verskillende administratiewe afdelings indeel, en die administrasie van die verskillende afdelings aan die onderskeie lede van die uitvoerende owerheid opdra en toewys.

#### *Oordrag van sekere wetlike bevoegdhede, pligte en werksaamhede*

25. Die bevoegdhede, pligte en werksaamhede wat —

- (a) kragtens 'n wet wat op 'n omskrewe aangeleentheid betrekking het; en
- (b) onmiddellik voor die datum waarop die wetgewende owerheid van 'n bevolkingsgroep uit hoofde van 'n proklamasie kragtens artikel 14(2) uitgevaardig, bevoeg word om ordonnansies oor daardie omskrewe aangeleentheid te maak,

by 'n ander gesag of persoon in die Republiek of die gebied as 'n gesag of persoon in artikel 23(1) bedoel, berus het, berus vanaf daardie datum en totdat daardie wetgewende owerheid anders bepaal, vir sover daardie wet op daardie omskrewe aangeleentheid betrekking het, by die ooreenstemmende gesag of persoon wat soortgelyke bevoegdhede, pligte of werksaamhede in die diens of onder beheer van die verteenwoordigende owerheid van daardie bevolkingsgroep uitoefen of verrig.

Republic or in the Administrator-General or the existing executive body referred to in section 39 immediately before the date on which the legislative authority of a population group, by virtue of a proclamation issued under section 14(2), becomes empowered to make ordinances in relation to that defined matter, shall as from that date and until that legislative authority provides otherwise vest in the executive authority of that population group in so far as the relevant right, power, duty, obligation or function relates to that defined matter.

(2) The provisions of subsection (1) shall not apply in relation to any power to make any laws (except any regulations, rules, by-laws, instructions or determinations referred to in the proviso to section 38(2) of the South West Africa Constitution Act, 1968 (Act 39 of 1968)).

#### *Administrative divisions may be instituted*

24. Subject to the provisions of the laws on government service in the territory, an executive authority may allocate the powers, duties and functions to be performed or exercised in respect of the different matters on which the competent legislative authority may make ordinances, to different administrative divisions, and may assign and allocate the administration of the different divisions to the several members of the executive authority.

#### *Transfer of certain legal powers, duties and functions*

25. The powers, duties and functions which —

- (a) under any law relating to a defined matter; and
- (b) immediately before the date on which the legislative authority of a population group becomes empowered, by virtue of a proclamation issued under section 14(2), to make ordinances on that defined matter,

vested in any authority or person in the Republic or the territory other than an authority referred to in section 23(1), shall, as from that date and until that legislative authority provides otherwise, in so far as such law relates to that defined matter vest in the corresponding authority or person exercising or performing similar powers, duties or functions in the service or under the control of the representative authority of that population group.

*Ooreenkomste*

26. (1) 'n Uitvoerende owerheid kan 'n ooreenkoms met een of meer ander uitvoerende owerhede of met die Administrateur-generaal aangaan wat voorsiening maak vir die uitoefening of verrigting, op die bedinge en voorwaardes waarop ooreengekom word —

- (a) deur so 'n ander uitvoerende owerheid, of deur die Administrateur-generaal, as agent van eersgenoemde uitvoerende owerheid; of
- (b) deur eersgenoemde uitvoerende owerheid as agent van so 'n ander uitvoerende owerheid of van die Administrateur-generaal; of
- (c) deur eersgenoemde uitvoerende owerheid in samewerking met sodanige ander uitvoerende owerheid of uitvoerende owerhede of met die Administrateur-generaal,

van enige bevoegdheid, plig of werksaamheid wat ingevolge die een of ander wet aan eersgenoemde uitvoerende owerheid of aan so 'n ander uitvoerende owerheid of aan die Administrateur-generaal, na gelang van die geval, verleen of opgedra word.

(2) Behoudens die bepalings van 'n ordonnansie van 'n bevoegde wetgewende owerheid met betrekking tot die uitvoering van so 'n ooreenkoms soos in subartikel (1) beoog, word 'n bevoegdheid, plig of werksaamheid wat ingevolge so 'n ooreenkoms deur die Administrateur-generaal of 'n uitvoerende owerheid of 'n persoon of liggaam in diens of onder beheer van die Administrateur-generaal of 'n verteenwoordigende owerheid uitgeoefen of verrig is en wat ingevolge 'n wet waarop die ooreenkoms betrekking het aan 'n ander gesag, liggaam of persoon as die Administrateur-generaal of die betrokke uitvoerende owerheid, persoon of liggaam verleen of opgedra word, geag deur daardie ander gesag, liggaam of persoon uitgeoefen of verrig te wees.

*Verskaffing van dienste deur uitvoerende owerheid aan persone wat nie lede van sy bevolkingsgroep is nie*

27. (1) Tensy en totdat daar in 'n ooreenkoms kragtens artikel 26 aangegaan of in 'n ordonnansie van die bevoegde wetgewende owerheid anders bepaal word, kan 'n uitvoerende owerheid 'n diens wat hy ingevolge die bepalings van hierdie Proklamasie of 'n ander wet aan die bevolkingsgroep waarvoor hy ingestel is, kan verskaf, ook aan enige persoon wat nie 'n lid van daardie bevolkingsgroep is nie verskaf asof daardie persoon so 'n lid was.

(2) Behoudens die bepalings van subartikel (3), kan 'n uitvoerende owerheid, ten opsigte van die verskaffing van 'n diens aan so 'n persoon —

*Agreements*

26. (1) An executive authority may enter into an agreement with one or more other executive authorities or with the Administrator-General providing for the exercise or performance, on such terms and conditions as may be agreed upon —

- (a) by any such other executive authority, or by the Administrator-General, as the agent of the first-mentioned executive authority; or
- (b) by the first-mentioned executive authority as the agent of any such other executive authority or of the Administrator-General; or
- (c) by the first-mentioned executive authority in co-operation with such other executive authority or executive authorities or with the Administrator-General,

of any power, duty or function conferred or imposed in terms of any law upon the first-mentioned executive authority or upon any such other executive authority or upon the Administrator-General, as the case may be.

(2) Subject to the provisions of any ordinance of a competent legislative authority relating to the execution of any such agreement as is contemplated in subsection (1), any power, duty or function which in terms of any such agreement has been exercised or performed by the Administrator-General or any executive authority or any person or body in the service or under the control of the Administrator-General or any representative authority and which, in terms of any law to which the agreement relates, is conferred or imposed on an authority or a body or person other than the Administrator-General or the executive authority, person or body concerned, shall be deemed to have been exercised or performed by such other authority, body or person.

*Supplying of services by executive authority to persons who are not members of its population group*

27. (1) Unless and until an agreement under section 26 or an ordinance of the competent legislative authority provides otherwise, any executive authority may supply any service which it may in terms of the provisions of this Proclamation or any other law supply to the population group for which it has been established, also to any person who is not a member of that population group as if such person were such a member.

(2) Subject to the provisions of subsection (3), an executive authority may, in respect of the supply of any service to such a person, recover —

- (a) die bedrag, indien daar is, wat deur of ten opsigte van daardie persoon betaal moet word en wat nie op die persoon wat dit moet betaal, verhaal kan word nie; en
- (b) 'n redelike bedrag deur of op gesag van die uitvoerende owerheid bepaal, ten opsigte van sy uitgawe in verband met die verskaffing van die diens, met inbegrip van die instandhouding, bestuur en beheer van 'n inrigting waarin of waarby die diens verskaf word, vir sover so 'n bedrag nie reeds by die bedrag in paragraaf (a) bedoel, ingesluit is nie,

op die uitvoerende owerheid of ander gesag verhaal wat ten tyde van die verskaffing van die diens ingevolge die een of ander wet verantwoordelik is vir die verskaffing van daardie diens aan persone wat lede is van die bevolkingsgroep of ander kategorie van persone waarvan die betrokke persoon 'n lid is.

- (3) (a) Geen bedrag is kragtens subartikel (2) ten opsigte van die verskaffing van 'n diens aan 'n persoon op 'n uitvoerende owerheid of ander gesag verhaalbaar nie indien daar ten tyde van die verskaffing 'n toereikende diens van die betrokke aard, wat deur daardie uitvoerende owerheid of ander gesag voorsien word, vir daardie persoon beskikbaar is.
- (b) Paragraaf (a) is nie met betrekking tot die verskaffing van gesondheidsdienste van toepassing nie.

#### *Verskaffing van gesondheidsdienste in sekere inrigtings*

28. 'n Uitvoerende owerheid wat, op of na die datum waarop die bevoegde wetgewende owerheid uit hoofde van 'n proklamasie kragtens artikel 14(2) uitgevaardig, bevoeg word om ordonnansies te maak met betrekking tot die aangeleenthede in paragraaf (c) van Item 4 van die Bylae omskryf, gesondheidsdienste verskaf in 'n hospitaal, kliniek of ander inrigting (behalwe 'n inrigting wat uitsluitlik verbonde is aan 'n skool of 'n tehuis vir bejaardes of 'n ander instelling in verband met aangeleenthede in Item 3 of 5 van die Bylae omskryf) ten opsigte waarvan 'n verbod soos in Item 18 van die Bylae bedoel onmiddellik voor daardie datum gehandhaaf is, moet alle stappe doen wat nodig is om daardie verbod deur middel van ooreenkoms kragtens artikel 26 of wetgewing kragtens genoemde Item 4 of op 'n ander gepaste wyse, binne sêns maande na daardie datum of die verdere tydperk, indien daar is, wat die Administrateur-generaal van tyd tot tyd na goeddunke bepaal, tot bevrediging van die Administrateur-generaal op te hef.

#### *Aanstelling en ontslag van beamptes en werknemers*

29. Tot tyd en wyl die bevoegde wetgewende owerheid ander voorsiening maak, en behoudens die bepalinge van die wette op regeringsdiens in die gebied,

- (a) the amount, if any, which is payable by or in respect of such person and which cannot be recovered from the person by whom it is payable; and
- (b) a reasonable amount, determined by or on the authority of such executive authority, in respect of its expenses in connection with the supply of such service, including the maintenance, management and control of any institution in or at which such service is supplied, in so far as such an amount has not already been included in the amount referred to in paragraph (a),

from the executive authority or other authority which at the time of the supply of such service is responsible in terms of any law for the supply of such service to persons who are members of the population group or other category of persons of which the person concerned is a member.

- (3) (a) No amount shall be recoverable under subsection (2) from any executive authority or other authority in respect of the supply of a service to any person if at the time of such supply an adequate service of the nature in question, provided by such executive authority or other authority, is available to such person.
- (b) Paragraph (a) shall not apply with reference to the supply of health services.

#### *Supplying of health services in certain institutions*

28. An executive authority which, on or after the date on which the competent legislative authority becomes empowered, by virtue of a proclamation issued under section 14(2), to make ordinances in relation to the matters defined in paragraph (c) of Item 14 of the Schedule, supplies any health services in any hospital, clinic or other institution (except any institution exclusively connected with a school or a home for the aged or other establishment in connection with the matters defined in Item 3 or 5 of the Schedule) in respect of which a prohibition contemplated in Item 18 of the Schedule was maintained immediately before that date, shall take all steps necessary for the revocation of such prohibition, to the satisfaction of the Administrator-General, by means of agreement under section 26 or legislation under the said Item 4 or in any other suitable manner.

#### *Appointment and discharge of officers and employees*

29. Until such time as the competent legislative authority shall provide otherwise, and subject to the laws on government service in the territory, the appoint-



berus die aanstelling en ontslag van persone in die diens van 'n verteenwoordigende owerheid by die uitvoerende owerheid, wat sodanige aanstelling of ontslag aan 'n ander gesag kan deleger.

*Administrateur-generaal kan beamptes en werknemers aan verteenwoordigende owerheid beskikbaar stel.*

30. Die Administrateur-generaal kan, met inagneming van die wette op regeringsdiens in die gebied en die staatsdiens van die Republiek, beamptes en werknemers van sy administrasie ter beskikking van 'n verteenwoordigende owerheid stel.

#### *Eise teen verteenwoordigende owerheid*

31. (1) Enige eis teen 'n verteenwoordigende owerheid wat, indien daardie eis teen 'n persoon ontstaan het, 'n grond van aksie in 'n bevoegde hof sou uitmaak, is deur daardie hof beregbaar, hetsy die eis ontstaan uit 'n kontrak wat wettiglik namens daardie verteenwoordigende owerheid aangegaan is of uit 'n onregmatige daad wat deur 'n dienaar van daardie verteenwoordigende owerheid, handelende in sy hoedanigheid van, en binne die omvang van sy bevoegdhede as, so 'n dienaar gepleeg is.

(2) (a) In 'n aksie of ander regsgeding uit hoofde van die bepalings van subartikel (1) ingestel, kan die lid van die uitvoerende owerheid wat ingevolge artikel 24 in beheer van die betrokke administratiewe afdeling is of, indien daar nie so 'n lid is nie, die lid wat ingevolge die grondwet van die uitvoerende owerheid op vergaderings daarvan voorsit, as nominale verweerder of respondent gesiteword.

(b) Geen lid van die wetgewende owerheid wat nie 'n lid van die uitvoerende owerheid is nie, word soos voormeld gesiteword.

(3) Geen lasbrief tot tenuitvoerlegging of beslaglegging of soortgelyke prosesstuk kan in so 'n aksie of regsgeding teen die nominale verweerder of respondent of teen eiendom van die verteenwoordigende owerheid uitgereik word nie, maar die bedrag, indien daar is, wat vereis word om te voldoen aan 'n uitspraak of bevel wat in so 'n aksie of regsgeding teen die nominale verweerder of respondent gedoen of uitgereik is, kan uit die inkomstefonds van die verteenwoordigende owerheid betaal word.

(4) Die bepalings van hierdie artikel maak geen inbreuk nie op 'n wet wat —

(a) die aanspreeklikheid van 'n verteenwoordigende owerheid of 'n afdeling van sy administrasie ten opsigte van 'n handeling of versuim van sy dienaars beperk; of

ment and discharge of persons in the service of a representative authority shall vest in the executive authority, which may delegate such appointment or discharge to any other authority.

*Administrator-General may make officers and employees available to representative authority*

30. The Administrator-General may, with due regard to the laws on government service in the territory and the public service of the Republic, make officers and employees of his administration available to any representative authority.

#### *Claims against representative authority*

31. (1) Any claim against a representative authority which would, if that claim had arisen against a person, be the ground of an action in a competent court, shall be cognizable by such court, whether the claim arises out of any contract lawfully entered into on behalf of such representative authority or out of any wrong committed by any servant of such representative authority acting in his capacity and within the scope of his authority as such servant.

(2) (a) In any action or other proceedings instituted by virtue of the provisions of subsection (1), the member of the executive authority who in terms of section 24 is in charge of the administrative division concerned or, if there is no such member, the member who in terms of the constitution of the executive authority presides at meetings thereof, may be cited as the nominal defendant or respondent.

(b) No member of the legislative authority who is not a member of the executive authority shall be cited as aforesaid.

(3) No execution, attachment or like process shall in any such action or proceedings be issued against the nominal defendant or respondent or against any property of the representative authority, but the amount if any, which may be required to satisfy any judgment or order given or made against the nominal defendant or respondent in any such action or proceedings, may be paid out of the revenue fund of the representative authority.

(4) Nothing in this section contained shall affect any provision if any law which —

(a) limits the liability of a representative authority or any division of its administration in respect of any act or omission of its servants; or

(b) bepaalde tydperke voorskryf waarin 'n eis ten opsigte van sodanige aanspreeklikheid ingestel moet word; of

(c) voorwaardes vir die instelling van 'n aksie oplê.

#### DEEL IV

##### DIE INKOMSTEFONDS

###### *Inkomstefonds van verteenwoordigende owerheid*

32. (1) Vir elke verteenwoordigende owerheid is daar 'n inkomstefonds waarin alle inkomste wat deur die betrokke verteenwoordigende owerheid gehef word of aan hom toeval, gestort word, asook alle ander gelde wat ingevolge die een of ander wet daarin gestort moet word.

(2) In subartikel (1) beteken "inkomste" alle belastinge, heffings, gelde en regte en alle toevallige en ander ontvangste wat die verteenwoordigende owerheid toeval, uit watter bron ookal afkomstig, en ook die opbrengs van alle lenings wat aan die verteenwoordigende owerheid toegestaan word.

###### *Bewilliging van inkomstefonds deur wetgewende owerheid*

33. (1) Die inkomstefonds van die verteenwoordigende owerheid van 'n bevolkingsgroep word deur die betrokke wetgewende owerheid op die wyse by hierdie Proklamasie voorgeskryf, beskikbaar gestel —

(a) vir die administrasie van die sake van daardie bevolkingsgroep met betrekking tot die omskrewe aangeleenthede waarvoor daardie wetgewende owerheid uit hoofde van proklamasies kragtens artikel 14(2) uitgevaardig, ordonnansies kan maak, in die algemeen; of

(b) in die geval van gelde wat vir 'n besondere doel deur die Administrateur-generaal oorbetaal word, vir daardie doel.

(2) Die wetgewende owerheid van 'n bevolkingsgroep kan nie 'n ordonnansie, begrotingspos of besluit —

(a) wat die uitwerking het om 'n deel van die inkomstefonds van die betrokke verteenwoordigende owerheid beskikbaar te stel; of

(b) wat daardie bevolkingsgroep 'n belasting, reg, heffing of las oplê,

aanhangig maak of aanneem nie, tensy die ordonnansie, begrotingspos of besluit deur 'n lid van die betrokke uitvoerende owerheid ingedien of voorgestel word of eers deur die uitvoerende owerheid by skriftelike boodskap

(b) prescribes specified periods within which a claim is to be made in respect of any such liability; or

(c) imposes conditions on the institution of any action.

#### PART IV

##### THE REVENUE FUND

###### *Revenue fund of representative authority*

32. (1) For each representative authority there shall be a revenue fund, into which shall be paid all revenue raised by or accruing to the representative authority concerned, as well as all other moneys which in terms of any law are to be paid into it.

(2) In subsection (1) "revenue" means all taxes, imposts, rates and duties and all casual and other receipts accruing to the representative authority from whatever source arising, and includes the proceeds of all loans made to the representative authority.

###### *Appropriation of revenue fund by legislative authority*

33. (1) The revenue fund of the representative authority of a population group shall be appropriated, in the manner prescribed by this Proclamation, by the legislative authority concerned —

(a) for the administration of the affairs of that population group in relation to the defined matters on which that legislative authority may make ordinances by virtue of a proclamation issued under section 14(2), generally; or

(b) in the case of moneys paid over by the Administrator-General for a particular purpose, for that purpose.

(2) The legislative authority of a population group may not originate or pass any ordinance, vote or resolution —

(a) which has the effect of appropriating any part of the revenue fund of the representative authority concerned; or

(b) which imposes any tax, duty, due or charge or burden upon that population group,

unless such ordinance, vote or resolution is introduced or moved by a member of the executive authority concerned or has first been recommended to the legislative authority, during the session of the legislative authority

onderteken deur die lid daarvan wat ingevolge die betrokke grondwet op vergaderings daarvan voorsit, by die wetgewende owerheid aanbeveel is tydens die sessie van die wetgewende owerheid waarin dit ingedien of voorgestel word.

#### *Vereistes vir onttrekking van geld uit inkomstefonds*

gesag, beampte of persoon verleen of opgedra word, in-gevolge 'n bepaling van hierdie Proklamasie of die grondwet van 'n verteenwoordigende owerheid by 'n ander gesag, beampte of persoon berus vanaf 'n datum in daardie bepaling vermeld, word enigiets wat voor die aldus vermelde datum uit hoofde van die betrokke bevoegdheid, plig of werksaamheid deur daardie bepaalde gesag, beampte of persoon gedoen is, geag deur daardie ander gesag, beampte of persoon gedoen te wees.

*Administrateur-generaal kan sekere aangeleenthede bepaal*

51. Indien die Administrateur-generaal dit nodig ag, kan hy vir die doeleindes van artikels 14, 22, 23, 25, 43, 45, 46 en 48 van tyd tot tyd, op die wyse wat hy goed ag, en hetsy in die algemeen of in 'n besondere geval, bepaal —

- (a) of 'n bepaalde onderwerp onder 'n omskrewe aangeleentheid of onder 'n ander aangeleentheid as 'n omskrewe aangeleentheid val;
- (b) of en in watter mate 'n bepaalde wet of reg, bevoegdheid, plig, verpligting of werksaamheid betrekking het op 'n omskrewe aangeleentheid of op 'n ander aangeleentheid as 'n omskrewe aangeleentheid;
- (c) of en in watter mate bepaalde roerende of onroerende goed betrekking het op, of gebruik word of te eniger tyd gebruik was met betrekking tot, 'n omskrewe aangeleentheid of 'n ander aangeleentheid as 'n omskrewe aangeleentheid.

*Herroeping van Wet 54 van 1968*

52. (1) Behoudens die bepalings van subartikels (2) en (3) en van die grondwet van 'n verteenwoordigende owerheid in subartikel (2) beoog, word die Wet op die Ontwikkeling van Selfbestuur vir Naturellevolke in Suidwes-Afrika, 1968, hierby herroep.

(2) Subartikel (1) tree in werking —

- (a) in die gebiede Hereroland en Kaokoland in paragrafe (b) en (c) van subartikel (1) van artikel 2 van genoemde Wet bedoel, op die datum waarop die grondwet van 'n verteenwoordigende owerheid van die Herero's in werking tree;
- (b) in die gebied Kavango bedoel in paragraaf (d) van genoemde subartikel, op die datum waarop die grondwet van 'n verteenwoordigende owerheid van die Kavango's in werking tree;
- (c) in die gebied Oos-Caprivi bedoel in paragraaf (e) van genoemde subartikel, op die datum waarop die grondwet van 'n verteenwoordigende owerheid van die Capriviane in werking tree;

posed upon any particular authority, officer or person, vests in some other authority, officer or person in terms of any provision of this Proclamation or the constitution of any representative authority as from a date mentioned in such provision, anything done by such particular authority, officer or person by virtue of the power, duty or function concerned before the date so mentioned, shall be deemed to have been done by such other authority, officer or person.

*Administrator-General may determine certain matters*

51. If the Administrator-General considers it to be necessary, he may for the purposes of sections 14, 22, 23, 25, 43, 45, 46 and 48 from time to time, in such manner as he may deem fit, and whether generally or in any particular case, determine —

- (a) whether any particular subject falls under any defined matter or under any matter other than a defined matter;
- (b) whether and to what extent any particular law or right, power, duty, obligation or function relates to any defined matter or to any matter other than a defined matter;
- (c) whether and to what extent any particular movable or immovable property relates to, or is or was at any time used in relation to, any defined matter or any matter other than a defined matter.

*Repeal of Act 54 of 1968*

52. (1) Subject to the provisions of subsections (2) and (3) and of the constitution of a representative authority contemplated in subsection (2), the Development of Self-government for Native Nations in South West Africa Act, 1968, is hereby repealed.

(2) Subsection (1) shall come into operation —

- (a) in the areas of Hereroland and Kaokoland referred to in paragraphs (b) and (c) of subsection (1) of section 2 of the said Act, on the date on which the constitution of a representative authority of the Hereros comes into operation;
- (b) in the area of Kaokoland referred to in paragraph (d) of the said subsection, on the date on which the constitution of a representative authority of the Kavangos comes into operation;
- (c) in the area of Eastern Caprivi referred to in paragraph (e) of the said subsection, on the date on which the constitution of a representative authority of the Caprivians comes into operation;

(d) in die gebied Owambo bedoel in paragraaf (f) van genoemde subartikel, op die datum waarop die grondwet van 'n verteenwoordigende owerheid van die Ovambo's in werking tree; en

(e) in enige ander deel van die gebied, op 'n datum wat die Administrateur-generaal by proklamasie in die *Offisiële Koerant* bepaal: Met dien verstande dat verskillende proklamasies en verskillende datums ten opsigte van verskillende dele van die gebied kragtens hierdie paragraaf uitgevaardig of bepaal kan word.

(3) Ondanks die herroeping van genoemde Wet in 'n deel van die gebied in subartikel (2) vermeld vanaf die aldus vermelde datum —

(a) bly 'n wet wat kragtens die een of ander bepaling van daardie Wet gemaak is of kragtens so 'n bepaling geag is aldus gemaak te gewees het, en onmiddellik voor daardie datum in die betrokke deel van die gebied van krag was en wat nie deur die betrokke grondwet in daardie subartikel vermeld, herroep word of daarmee onbestaanbaar is nie, van krag totdat dit deur 'n bevoegde gesag herroep word, en is die bepalings van artikel 50(2) ten opsigte van so 'n wet van toepassing;

(b) word enigiets anders wat kragtens 'n bepaling van daardie Wet gedoen is en wat kragtens 'n ooreenstemmende bepaling van hierdie Proklamasie gedoen kan word, geag kragtens daardie ooreenstemmende bepaling gedoen te wees.

#### Kort titel

53. Hierdie Proklamasie heet die Proklamasie op Verteenwoordigende Owerhede, 1980.

(d) in the area of Owambo referred to in paragraph (f) of the said subsection, on the date on which the constitution of a representative authority of the Ovambos comes into operation; and

(e) in any other part of the territory, on a date to be determined by the Administrator-General by proclamation in the *Official Gazette*: Provided that different proclamations and different dates may be issued or determined under this paragraph in respect of different parts of the territory.

(3) Notwithstanding the repeal of the said Act in any part of the territory mentioned in subsection (2) as from the date so mentioned —

(a) any law which was made under any provision of that Act or was under any such provision deemed to have been so made, and was in force in the relevant part of the territory immediately before such date and which is not repealed by or inconsistent with the relevant constitution mentioned in that subsection, shall continue in force until repealed by any competent authority, and the provisions of section 50(2) shall apply in respect of any such law;

(b) any other thing done under any provision of that Act, which may be done under a corresponding provision of this Proclamation, shall be deemed to have been done under such corresponding provision.

#### Short title

53. This Proclamation shall be called the Representative Authorities Proclamation, 1980.

## BYLAE

**OMSKRYWINGS VAN AANGELEENTHEDE  
WAT, BEHOUDENS DIE BEPALINGS VAN  
ARTIKEL 14, ONDER DIE WETGEWENDE  
BEVOEGDHEID VAN WETGEWENDE  
OWERHEDE VAL**

Item 1 Die verkryging, vervreemding, toekenning, oordrag, okkupasie en besit van grond, of 'n reg ten opsigte van grond —

(a) wat ingevolge die grondwet van die verteenwoordigende owerheid, of 'n ander wet, gemeenskaplike grond van die bepaalde bevolkingsgroep is; of

(b) wat nie soos voormeld gemeenskaplike grond is nie maar wat deur die verteenwoordigende owerheid as eienaar verkry word onder 'n titelbewys wat in 'n aktekantoor geregistreer is, indien dit uit daardie titelbewys of uit 'n endossement wat op gesag van die Administrateur-generaal daarop en op tersaaklike stukke in daardie aktekantoor aangebring is, blyk dat bedoelde grond met die toestemming van die Administrateur-generaal as gemeenskaplike grond van die bepaalde bevolkingsgroep aldus verkry is,

maar met uitsondering van —

(i) die verkryging, vervreemding, toekenning, oordrag, okkupasie of besit van 'n opgemete stuk van sodanige grond, of 'n gedeelte daarvan of 'n reg ten opsigte daarvan, indien die eiendom van daardie stuk grond te eniger tyd deur of op gesag van die uitvoerende owerheid, of kragtens 'n wet van die wetgewende owerheid of 'n ander wet wat deur of onder die beheer van die uitvoerende owerheid uitgevoer word, aan enige persoon oorgedra is by wyse van die registrasie van 'n titelbewys in 'n aktekantoor, en 'n tydperk van vyftien jaar verloop het na die datum van sodanige registrasie, ongeag die registrasie van enige ander oordrag van daardie stuk grond of 'n gedeelte daarvan, aan wie ook al, gedurende daardie tydperk;

(ii) die wysiging, herroeping of vervanging van die Wet op die Afskaffing van Rassediskriminasie (Stedelike Woonbuurte en Openbare Geriewe), 1979 (Wet 4 van 1979), met inbegrip van die uitbreiding van 'n bepaling van daardie Wet wat betrekking het op 'n openbare gerief, soos daarin omskryf, na enige ander gerief, instelling, diens of bedrywigheid op enige grond, of

## SCHEDULE

**DEFINITIONS OF MATTERS WHICH, SUBJECT  
TO THE PROVISIONS OF SECTION 14, FALL  
WITHIN THE LEGISLATIVE POWERS OF  
LEGISLATIVE AUTHORITIES**

Item 1 The acquisition, alienation, grant, transfer, occupation and possession of land, or any right to land —

(a) which in terms of the constitution of the representative authority or any other law is communal land of the particular population group; or

(b) which is not communal land as aforesaid but which is acquired by the representative authority as owner under a title deed registered in a deeds office, if it appears from such title deed or from an endorsement made thereon, and on any relevant documents in such deeds office, under the authority of the Administrator-General, that such land was so acquired as communal land of the particular population group with the consent of the Administrator-General,

but excluding —

(i) the acquisition, alienation, grant, transfer, occupation or possession of any surveyed piece of such land or any portion thereof or any right in respect thereof, if the ownership of such piece of land has at any time been transferred to any person, by or under the authority of the executive authority or under any law of the legislative authority or any other law administered by or under the control of the executive authority, by means of the registration of a title deed in any deeds office, and a period of fifteen years has elapsed after the date of such registration, regardless of the registration of any other transfer of such land or any portion thereof, to whomsoever, during such period;

(ii) the amendment, repeal or replacement of the Abolishment of Racial Discrimination (Urban Residential Areas and Public Amenities) Act, 1979 (Act 4 of 1979), including the extension of any provision thereof relating to a public amenity, as defined therein, to any other amenity institution, service or activity on any land, or

van so 'n bepaling wat betrekking het op 'n woonerf, soos aldus omskryf, na enige ander grond in 'n dorp, soos aldus omskryf;

- (iii) enige aangeleentheid met betrekking tot die registrasie van aktes in verband met grond, die grootte van die eenhede waarin onopgemete grond deur opmeting vir die doeleindes van sodanige registrasie verdeel word, die onderverdeling van opgemete grond deur opmeting, of die verkryging, vervreemding, toekenning, oordrag of besit van onverdeelde aandeel in opgemete grond;
- (iv) die onteiening van grond of 'n reg ten opsigte van grond, of die beskikbaarstelling, aan 'n owerheid wat by of kragtens wet ingestel is (behalwe aan die uitvoerende owerheid of 'n owerheid wat by of kragtens 'n wet wat deur of onder die beheer van die uitvoerende owerheid uitgevoer word, ingestel is), van grond vir openbare of amptelike doeleindes;
- (v) enige aangeleentheid met betrekking tot mineraleregte of die prospekter na, of myn van, minerale;
- (vi) enige aangeleentheid met betrekking tot bodembeskerming (behalwe maatreëls wat bykomend is by en bestaanbaar is met die wette op bodembeskerming van die Vergadering of 'n ander bevoegde gesag), beskerming van waterbronne of natuur- en omgewingsbewaring.

Item 2 (1) Boerderynedersettings op grond wat, soos in Item 1(a) of (b) bedoel, gemeenskaplike grond van die bepaalde bevolkingsgroep is of as sodanige gemeenskaplike grond verkry is of waarvan die verteenwoordigende owerheid of 'n lid van die bepaalde bevolkingsgroep die eienaar is.

- (2) Bosbou, binne die perke van enige wet met betrekking tot 'n aangeleentheid in paragraaf (vi) van Item 1 genoem, op grond wat, soos in paragrawe (a) en (b) van daardie Item bedoel, gemeenskaplike grond van die bepaalde bevolkingsgroep is of as sodanige gemeenskaplike grond verkry is.
- (3) Die verlening van bystand, met inbegrip van bystand by wyse van die opskorting van geregtelike stappe of 'n skikking met krediteure, aan lede van die bepaalde bevolkingsgroep wat boerdery beoefen of onderneem om boerdery te beoefen, die uitoefening van beheer ten opsigte van sodanige bystand wat verleen word, en die

of any such provision relating to a residential erf, as so defined, to any other land in a township, as so defined;

- (iii) any matter relating to the registration of deeds in connection with land, the extent of the units into which unsurveyed land is divided by survey for the purposes of such registration, the subdivision of surveyed land by survey, or the acquisition, alienation, grant, transfer or possession of undivided shares in surveyed land;
- (iv) the expropriation of land or any right in respect of land, or the making available of land for public or official purposes to any authority established by or under any law (except to the executive authority or any authority established by or under a law administered by or under the control of the executive authority);
- (v) any matter relating to mineral rights or prospecting or mining for minerals;
- (vi) any matter relating to soil conservation (except any measures additional to and consistent with the laws on soil conservation of the Assembly or any other competent authority), protection of water sources, or nature conservation and conservation of the environment.

Item 2 (1) Farming settlements on land which, as contemplated in Item 1(a) or (b), is communal land of the particular population group or has been acquired as such communal land or of which the representative authority or any member of the particular population group is the owner.

- (2) Forestry, within the limits of any law relating to a matter referred to in paragraph (vi) of Item 1, on land which, as contemplated in paragraphs (a) and (b) of that Item, is or has been acquired as communal land of the particular population group.
- (3) The rendering of assistance, including assistance by means of the staying of legal proceedings or any compromise with creditors, to members of the particular population group carrying on or undertaking to carry on farming operations, the exercise of control in respect of any such assistance being rendered, and the protection of the in-

beskerming van die belange van die owerheid wat sodanige bystand verleen, met inbegrip van sodanige beskerming by wyse van aantekeninge op stukke wat in 'n aktekantoor geregistreer is of gehou word en die beslaglegging op en verkoop van goed sonder 'n hofbevel, maar met uitsondering van —

(a) die verlening van bystand by wyse van subsidies op die koste van werke op opgemete grond of op die rente betaalbaar op lenings vir sodanige werke, indien die instandhouding van sodanige werke 'n beswaring van die grond uitmaak;

(b) enige aangeleentheid met betrekking tot die toepassing van die Landbankwet, 1944 (Wet 13 van 1944), of die wysiging, herroeping of vervanging van daardie Wet.

(4) Toegepaste navorsing en proewe in verband met boerdery waarin lede van die bepaalde bevolkingsgroep betrokke is of ter uitbreiding van die boerderybedrywighede van sodanige lede.

(5) Die verskaffing, aan lede van die bepaalde bevolkingsgroep wat boerdery beoefen of van voorneme is om boerdery te beoefen, van inligting, voorligting, advies en opleiding in verband met boerderymetodes, -praktyke en -bestuurstechnieke en die benutting en beskerming van die bodem en ander hulpbronne.

Item 3 (1) Die verskaffing aan lede van die bepaalde bevolkingsgroep van onderwys van enige peil tot en met die peil wat gewoonlik vir 'n eksamen vir die tiende standaard vereis word, maar met uitsondering van —

(a) die verskaffing van sodanige onderwys volgens leerkursusse en leerplanne;

(b) die afneem van eksamens; of

(c) die vorm en uitreiking, ten opsigte van eksamens, van sertifikate,

wat nie aan die minimumstandaarde en minimumvereistes wat by of kragtens 'n wet van die Vergadering of 'n ander bevoegde gesag ten opsigte van sodanige onderwys in skole en ander inrigtings in die gebied in die algemeen voorgeskryf word, voldoen nie.

terests of the authority rendering such assistance, including such protection by means of the endorsement of documents registered or kept in any deeds office and the attachment and sale of property without an order of court, but excluding —

(a) the rendering of assistance by means of subsidies on the cost of any works on surveyed land or on the interest payable on loans for any such works, if the maintenance of such works forms a burden on the land;

(b) any matter relating to the application of the Land Bank Act, 1944 (Act 13 of 1944), or the amendment, repeal or replacement of that Act.

(4) Applied research and tests in connection with farming engaged in by members of the particular population group or with a view of the extension of the farming activities of such members.

(5) The provision to members of the particular population group carrying on or intending to carry on farming operations, of information, instruction, advice and training in connection with farming methods, practices and management techniques and the utilization and protection of the soil and other resources.

Item 3 (1) The provision to members of the particular population group of education of any standard up to and including the standard ordinarily required for an examination for the tenth standard, but excluding —

(a) the provision of such education under courses of study and syllabuses;

(b) the conduct of examinations; or

(c) the form and issue, in respect of examinations, of certificates,

which do not comply with such minimum standards and minimum requirements as may be prescribed by or under any law of the Assembly or any other competent authority in respect of such education in schools and other institutions in the territory generally.

- (2) Opleiding van persone as onderwysers vir die verskaffing, aan lede van die bepaalde bevolkingsgroep, van onderwys van 'n peil nie hoër nie as die peil wat gewoonlik vir 'n eksamen vir die vierde standerd vereis word.
- (3) Die instelling, oprigting, instandhouding en bestuur van, en die beheer oor, skole, opleidingskolleges, koshuise en ander inrigtings vir of in verband met die verskaffing van onderwys of opleiding in paragraaf (1) of (2) bedoel.

Item 4 Die verskaffing (binne die perke van 'n wet van die Vergadering of 'n ander bevoegde gesag met betrekking tot die voorkoming en bestryding van aansteeklike of oordraagbare siektes, of die koördinering van gesondheidsdienste, in die gebied in die algemeen) aan lede van die bepaalde bevolkingsgroep van gesondheidsdienste wat die behandeling, genesing, regstelling of leniging van liggaamlike of geestelike gebreke, ongesteldhede of tekortkominge by die mens, of die immunisering of ander behandeling van 'n persoon ten einde te voorkom dat hy so 'n gebrek, ongesteldheid of tekortkoming opdoen, ten doel het, met inbegrip van —

- (a) distriksgeneesheerdienste en distriksverpleegdienste, en sodanige gesondheidsdienste by skole onder die beheer van die uitvoerende owerheid;
- (b) kraamdienste, en voor- of nageboortesorg; en
- (c) die instelling, oprigting, instandhouding en bestuur van, en die beheer oor, hospitale, klinieke en ander inrigtings vir die verskaffing van sodanige dienste,

maar met uitsondering van aangeleenthede met betrekking tot —

- (i) die registrasie van geneeshere, tandartse, verpleegsters, vroedvroue, aptekers en ander beoefenaars van beroepe wat die voorkoming, behandeling, genesing, regstelling of leniging van liggaamlike of geestelike gebreke, ongesteldhede of tekortkominge by die mens ten doel het, en beheer oor hul onderskeie beroepe;
- (ii) beheer oor en die registrasie van medisyne en ander stowwe wat gebruik word of bestem is vir gebruik vir of in verband met die voorkoming, behandeling, genesing, regstelling of leniging van sodanige gebreke,

- (2) The training of persons as teachers for the provision to members of the particular population group of education of a standard not higher than the standard ordinarily required for an examination for the fourth standard.
- (3) The establishment, erection, maintenance and management of, and the control over, schools, training colleges, hostels and other institutions for or in connection with the provision of education or training contemplated in paragraph (1) or (2).

Item 4 The provision (within the limits of any law of the Assembly or any other competent authority in relation to the prevention and combating of infectious or communicable diseases, or the co-ordination of health services, in the territory generally) to members of the particular population group of health services aimed at the treatment, cure, correction or mitigation of physical or mental defects, illnesses or deficiencies in man, or the immunization or treatment otherwise of any person in order to prevent his contracting any such defect, illness or deficiency,

including —

- (a) district surgeon and district nursing services and such health services at schools under the control of the executive authority;
- (b) maternity services and pre- and post-natal care; and
- (c) the establishment, erection, maintenance and management of, and the control over, hospitals, clinics and other institutions for the provision of such services,

but excluding any matters in relation to —

- (i) the registration of medical practitioners, dentists, nurses, midwives, chemists and other persons practising any profession having as its object the prevention, treatment, cure, correction or mitigation of physical or mental defects, illnesses or deficiencies in man, and the control over their respective professions;
- (ii) the control over and the registration of medicines and other substances used or intended for use for or in connection with the prevention, treatment, curing, correction or



ongesteldhede of tekortkominge, en gifstowwe, afhanklikheidsvormende stowwe en ander stowwe wat gevaarlik of nadelig is vir die liggaamlike of geestelike gesondheid van die mens.

Item 5 (1) Die verskaffing aan lede van die bepaalde bevolkingsgroep van maatskaplike welsynsdienste, met inbegrip van —

- (a) gesins- en kindersorg en die aanneming van kinders;
- (b) die maatskaplike versorging of rehabilitasie van jeugdiges, bejaardes, liggaamlik of geestelik gestremdes, behoeftiges, wanaangepaste persone, alkoholiste en dwelmiddelverslaafdes;
- (c) maatskaplike noodhulp en noodleniging; en
- (d) die instelling, oprigting, instandhouding en bestuur van, en die beheer oor, tehuise, ander inrigtings en skemas vir of in verband met die lewering van sodanige dienste,

maar met uitsondering van aangeleenthede met betrekking tot —

- (i) die registrasie van welsynsorganisasies;
- (ii) die registrasie van maatskaplike werkers, en beheer oor hul beroep;
- (iii) die insameling van geld of ander bydraes vir sodanige dienste of vir liefdadigheid, van lede van die publiek.

(2) Ouderdoms-, blindheids-, ongeskiktheids-, oudstryders- en soortgelyke maatskaplike pensioene en toelaes vir lede van die bepaalde bevolkingsgroep.

Item 6 Die verskaffing van sub-ekonomiese of gesubsidieerde behuising aan lede van die bepaalde bevolkingsgroep, die beplanning en uitvoer van, en beheer oor, skemas vir sodanige behuising, die omskepping van sodanige behuising of skemas wat verskaf of uitgevoer word tot ekonomiese behuising of skemas vir ekonomiese behuising, en die voortgesette uitvoering van en beheer oor sodanige skemas.

Item 7 Aangeleenthede wat die bevordering van kuns en kultuur met betrekking tot die bepaalde bevolkingsgroep ten doel het, met inbegrip van

mitigation of such defects, illnesses or deficiencies, and poisonous substances, dependence-producing substances and other substances that are dangerous or injurious to the physical or mental health of man.

Item 5 (1) The provisions to members of the particular population group of social welfare services, including —

- (a) family and child welfare and the adoption of children;
- (b) social care or rehabilitation of juveniles, aged persons, physically or mentally handicapped persons, indigent persons, maladjusted persons, alcoholics and drug addicts;
- (c) social and emergency relief; and
- (d) the establishment, erection, maintenance and management of, and the control over, homes, other institutions and schemes for or in connection with the rendering of such services,

but excluding any matters in relation to —

- (i) the registration of welfare organizations;
- (ii) the registration of social workers, and control over their profession;
- (iii) the collection of money or other contributions for such services or for charity, from members of the public.

(2) Old age, blind person's, disability, war veteran's and similar social pensions and allowances for members of the particular population group.

Item 6 The provision of sub-economic or subsidized housing to members of the particular population group, the planning and implementation of, and control over, schemes for such housing, the conversion of any such housing or schemes being provided or implemented, into economic housing or schemes for economic housing, and the continued implementation of and control over such schemes.

Item 7 Matters having as their object the promotion of art and culture in relation to the particular population group, including the establishment,

die instelling, oprigting, instandhouding en bestuur van, en beheer oor, kunsgalerye, teaters, biblioteke, museums, argiewe, herbariums, botaniese tuine, dieretuine, akwariums en soortgelyke instellings, en dienste in verband daarmee, maar met uitsondering van enige aangeleentheid in Item 1(ii) genoem.

Item 8 Die instelling van en beheer oor verenigings en organisasies, en die opdra van bevoegdhede, pligte en werksaamhede en die verlening van finansiële en ander bystand aan sodanige verenigings of organisasies, of aan stam-, gemeenskaps- of streeksowerhede in Item 9 bedoel, in verband met burgerlike beskerming en plaaslike veiligheid met betrekking tot gemeenskappe wat buite die regsgebied van 'n plaaslike bestuur (soos omskryf in 'n wet op burgerlike beskerming in die gebied in die algemeen) gevestig is op grond wat aan lede van die bepaalde bevolkingsgroep behoort of wat, soos in Item 1(a) of (b) bedoel, gemeenskaplike grond van die bepaalde bevolkingsgroep is of as sodanige gemeenskaplike grond verkry is, en die verskaffing van voorligting aan lede van sodanige gemeenskappe in verband met burgerlike beskerming en plaaslike veiligheid.

Item 9 Die erkenning, instelling, vervanging, samestelling en bevoegdhede van stam-, gemeenskaps- en streeksowerhede ten opsigte van stamme of ander gemeenskappe op grond wat, soos in Item 1(a) of (b) bedoel, gemeenskaplike grond van die bepaalde bevolkingsgroep is of as sodanige gemeenskaplike grond verkry is, met inbegrip van die erkenning, aanstelling, afsetting en ontslag, met die voorafverkreë toestemming van die Administrateur-generaal, van hoofkapteins en kapteins of hoofmanne, en die tug, aftreding, pensioenering en ander diensvoorwaardes van hoofkapteins en kapteins of hoofmanne, maar met uitsondering van enige aangeleentheid wat die samestelling van die wetgewende owerheid of die uitvoerende owerheid raak.

Item 10 Regspleging ooreenkomstig die tradisionele reg en gebruike wat stamme en gemeenskappe in Item 9 bedoel, toepas, met inbegrip van die uitoefening deur persone of liggame wat ingevolge daardie reg en gebruike optree, van siviele en strafregtelike jurisdiksie ooreenkomstig daardie reg en gebruike.

Item 11 Verkiesings vir lede van die wetgewende owerheid, en die registrasie of identifikasie van lede van die bepaalde bevolkingsgroep as kiesers, met inbegrip van die bepaling van stemreg en die kwalifikasies waaraan 'n kandidaat vir verkiesing moet voldoen.

erection, maintenance and management of, and the control over, art galleries, theatres, libraries, museums, archives, herbariums, botanical gardens, zoos, aquariums and similar institutions, and any services in connection therewith, but excluding any matter referred to in Item 1(ii).

Item 8 The establishment of and control over associations and organizations, and the assignment of powers, duties and functions and the provision of financial and other assistance to such associations or organizations or to tribal, community or regional authorities referred to in Item 9, in connection with civil defence and local security in relation to communities established outside the area of jurisdiction of any local authority (as defined in any law on civil defence in the territory generally) on land belonging to members of the particular population group or which, as contemplated in Item 1(a) or (b), is or has been acquired as communal land of the particular population group, and the provision of instruction to members of such communities in connection with civil defence and local security.

Item 9 The recognition, establishment, replacement, constitution and powers of tribal, community and regional authorities in respect of tribes or other communities on land which, as contemplated in Item 1(a) or (b), is or has been acquired as communal land of the particular population group, including the recognition, appointment, deposition and dismissal, with the prior approval of the Administrator-General, of paramount chiefs, chiefs or headmen, and the discipline, retirement, pensioning and other conditions of service of paramount chiefs, chiefs or headmen, but excluding any matter affecting the constitution of the legislative authority or the executive authority.

Item 10 The administration of justice in accordance with the traditional law and customs observed by tribes and communities referred to in Item 9, including the exercise of civil and criminal jurisdiction in accordance with such law and customs by persons or bodies acting in terms of such law and customs.

Item 11 Elections for members of the legislative authority, and the registration or identification of members of the particular population group as voters, including the determination of the right of voting and the qualifications to be complied with by any candidate for election.

- Item 12 (1) Regstreekse belastingen op die inkomste van, en persoonlike belastingen op, lede van die bepaalde bevolkingsgroep, afgesien van sodanige belastingen ingevolge 'n wet van die Vergadering of 'n ander bevoegde gesaghef.
- (2) Gelde betaalbaar vir dienste deur of namens die uitvoerende owerheid gelewer.
- Item 13 Die invordering van en beheer oor alle inkomste en gelde wat aan die verteenwoordigende owerheid toeval.
- Item 14 (1) Die aangaan van lenings deur die uitvoerende owerheid met die toestemming van die Administrateur-generaal vooraf in elke bepaalde geval verkry, en onderworpe aan die voorwaardes, indien daar is, deur die Administrateur-generaal bepaal.
- (2) Die gee of ontvang van skenkings deur die uitvoerende owerheid.
- Item 15 Begrotings van inkomste en uitgawes van die uitvoerende owerheid, en die bewilliging van gelde vir die doeleindes van sodanige begrotings, maar met die uitsondering van sodanige bewilliging van gelde vir 'n ander doel as die doel waarvoor dit by of kragtens 'n wet van die Vergadering of 'n ander bevoegde gesag vir sodanige bewilliging beskikbaar gestel word.
- Item 16 Die beplanning van, en beheer oor, die werk verbonde aan die uitoefening of verrigting van die bevoegdhede, pligte en werksaamhede van die uitvoerende owerheid en die dienste deur hom verskaf, en die verkryging, verskaffing en instandhouding van, en beheer oor, voorrade, dienste, geboue, werke en akkommodasie-, vervoer- en ander geriewe vir die doeleindes van die verrigting of verskaffing van daardie werk en dienste of die werk verbonde aan die uitoefening of verrigting van die bevoegdhede, pligte en werksaamhede van die wetgewende owerheid.
- Item 17 Die aanstelling, opleiding en bevordering van beampies en werknemers in die diens van die verteenwoordigende owerheid, en die diensvoorwaardes, pligte, regte en voorregte van sodanige beampies of werknemers met betrekking tot ampspligte, die ure waartydens diens verrig moet word, oorplasing, spesiale behandeling vir uitstaande diens of bekwaamheid, beslegting van griewe, onbekwaamheid, wangedrag, tug, ontslag as tugmaatreël, beurse en ander geldelike bystand vir studiedoeleindes, werk buite die diens van die verteenwoordigende owerheid, die afstaan
- Item 12 (1) Direct taxes on the income of, and personal taxes on, members of the particular population group, apart from any such taxes levied in terms of any law of the Assembly or any other competent authority.
- (2) Moneys payable for services rendered by or on behalf of the executive authority.
- Item 13 The collection of and control over all revenue and moneys accruing to the representative authority.
- Item 14 (1) The raising of loans by the executive authority with the prior consent of the Administrator-General obtained in each particular case, and subject to the conditions, if any, determined by the Administrator-General.
- (2) The making or receiving of donations by the executive authority.
- Item 15 Estimates of revenue and expenditure of the executive authority, and the appropriation of moneys for the purposes of such estimates, but excluding such appropriation of moneys for any purpose other than the purpose for which such moneys are made available by or in terms of any law of the Assembly or any other competent authority for such appropriation.
- Item 16 The planning of and control over the work connected with the exercise or performance of the powers, duties and functions of the executive authority and the services provided by it, and the acquisition, provision and maintenance of and the control over supplies, services, buildings, works and accommodation, transport and other facilities for the purposes of the performance or rendering of such work and services or the work connected with the exercise or performance of the powers, duties and functions of the legislative authority.
- Item 17 The appointment, training and promotion of officers and employees in the service of the representative authority, and the conditions of service, duties, rights and privileges of such officers or employees in relation to official duties, the hours of attendance for duty, transfer, special treatment for outstanding service or ability, settlement of grievances, inefficiency, misconduct, discipline, discharge as a disciplinary measure, bursaries and other financial assistance for purposes of study, work outside the service of the representative authority, secondment for service with some other

van dienste aan 'n ander owerheid of instelling, en ander aangeleenthede wat op beamptes of werknemers in hul individuele hoedanighede betrekking het, maar met uitsondering van die skepping van poste, die kwalifikasies vir aanstelling in of bevordering tot poste wat geskep word, die skale van salarisse en toelaes, die diensvoorwaardes, pligte, regte en voorregte van sodanige beamptes en werknemers met betrekking tot verlof, aftreding, pensioene en gratifikasies en die ander aangeleenthede wat ten opsigte van sodanige beamptes of werknemers of 'n bepaalde kategorie van sodanige beamptes of werknemers voorgeskryf word by of kragtens 'n wet van die Vergadering of 'n ander bevoegde gesag met betrekking tot diens vir verteenwoordigende owerhede in die gebied in die algemeen.

Item 18 Die beskikbaarstelling en lewering deur die uitvoerende owerheid aan, en die gebruik deur, persone wat nie lede van die bepaalde bevolkingsgroep is nie, van dienste wat deur die uitvoerende owerheid vir lede van die bepaalde bevolkingsgroep verskaf word ingevolge die wette wat deur hom of onder sy beheer uitgevoer word, vir sover sodanige beskikbaarstelling, verskaffing of gebruik nie deur 'n ooreenkoms in Item 19 bedoel, gereël word nie, maar met uitsondering van die instelling of handhawing van 'n verbod op sodanige beskikbaarstelling, verskaffing of gebruik aan of deur enige persoon van gesondheidsdienste (behalwe gesondheidsdienste in 'n inrigting wat uitsluitlik verbonde is aan 'n skool of 'n tehuis vir bejaardes of ander instelling in verband met aangeleenthede in Item 3 of 5 omskryf), bloot op grond van sy ras of kleur of vanweë die feit dat hy 'n lid van 'n ander bevolkingsgroep as die bepaalde bevolkingsgroep is.

Item 19 Die uitvoering van ooreenkomste wat kragtens 'n wet van die Vergadering of 'n ander bevoegde gesag deur die uitvoerende owerheid met een of meer ander uitvoerende owerhede wat vir 'n bevolkingsgroep of bevolkingsgroepe ingestel is of met die Administrateur-generaal aangegaan kan word of aangegaan is, in verband met die uitoefening of verrigting —

- (a) deur so 'n ander uitvoerende owerheid of deur die Administrateur-generaal, as agent van die uitvoerende owerheid; of
- (b) deur die uitvoerende owerheid as agent van so 'n ander uitvoerende owerheid of van die Administrateur-generaal; of
- (c) deur die uitvoerende owerheid in samewerking met sodanige ander uitvoerende owerheid of owerhede of met die Administrateur-generaal,

authority or institution, and other matters relating to officers or employees in their individual capacities, but excluding the creation of posts, the qualifications for appointment to posts created, the scales of salaries and allowances, the conditions of service, duties, rights and privileges of such officers and employees in relation to leave, retirement, pensions and gratuities, and such other matters as may be prescribed in respect of such officers or employees or any particular category of such officers or employees by or under any law of the Assembly or any other competent authority in relation to service of representative authorities in the territory generally.

Item 18 The making available and rendering by the executive authority to, and the use by, persons who are not members of the particular population group, of services provided by the executive authority for members of the particular population group in terms of the laws administered by it or under its control, in so far as such making available, rendering or use is not regulated by any agreement contemplated in Item 19, but excluding the imposition or maintenance of any prohibition on such making available, rendering or use to or by any person of any health services (save health services in any institution exclusively connected with a school or any old age home or other establishment in connection with matters defined in Item 3 or 5), merely on the ground of his race or colour or on account of the fact that he is a member of a population group other than the particular population group.

Item 19 The execution of agreements which under law of the Assembly or any other competent authority may be or have been entered into with the executive authority with one or more of the executive authorities established for any population group or population groups or with the Administrator-General, in connection with the exercise or performance —

- (a) by any such other executive authority or by the Administrator-General, as the agent of the executive authority; or
- (b) by the executive authority as the agent of any such other executive authority or of the Administrator-General; or
- (c) by the executive authority in co-operation with any such other executive authority or authorities or with the Administrator-General,


van 'n bevoegdheid, plig of werksaamheid wat ingevolge die een of ander wet aan die uitvoerende owerheid of aan so 'n ander uitvoerende owerheid of aan die Administrateur-generaal, na gelang van die geval, verleen of opgedra word.

Item 20 Die oplê van strawwe en voorsiening vir verbeuring van goed ter handhawing van 'n wet deur die wetgewende owerheid gemaak of 'n wet deur of onder die beheer van die uitvoerende owerheid uitgevoer, met inbegrip van strawwe wat ooreenkomstig die in Item 10 bedoelde reg en gebruike deur die aldus bedoelde persone of liggame opgelê kan word.

of any power, duty or function conferred or imposed in terms of any law upon the executive authority or upon any such other executive authority or upon the Administrator-General, as the case may be.

Item 20 The imposition of penalties, and provision for the forfeiture of property, for the purposes of enforcing any law made by the legislative authority or any law administered by or under the control of the executive authority, including penalties that may be imposed in accordance with the laws and customs referred to in Item 10 by the persons or bodies so referred to.

1. The first part of the document is a list of names and addresses. The names are written in a cursive script, and the addresses are written in a more formal, printed style. The list is organized into two columns, with names on the left and addresses on the right.



The main body of the document consists of several paragraphs of text, written in a cursive script. The text is arranged in two columns, with the left column containing the first paragraph and the right column containing the second paragraph. The handwriting is somewhat faded and difficult to read in some places.

At the bottom of the page, there are two lines of text, one on the left and one on the right, written in a cursive script. These lines appear to be a signature or a date, but they are too faint to read accurately.